

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

Redaksioneel

Welteruste

Die Nederlanders groet mekaar voor slapenstyd met 'n 'welterusten'. Dit is 'n besondere groet, te meer as dit in die gees van die aangedbed agter in die Psalmboek toegewens word. Die aangedbed begin so: 'O barmhartige God, ewige Lig wat skyn in die duisternis, U wat die nag van sondes en alle blindheid van die hart verdryf; U wat die nag verorden het om te rus soos U die dag verorden het om te werk, ons bid U, gee dat ons liggame in vrede en stilheid mag rus, dat hulle daarna bekwaam mag wees om die arbeid te dra wat U aan ons oplê'.

Om na 'n dag van harde werk liggaamlik sowel as geestelik tot ruste te kom, is onontbeerlik. Sonder goeie nagrus kan daar geen behoorlike werk gedurende die dag gedoen word nie.

Wat vir die nagrus en ons dagtaak geld, geld in 'n sekere sin ook vir die rus aan die einde van 'n jaar vol bedrywighede. Desember is vir die meeste Suid-Afrikaners 'n tyd van ontspan. Die ontspanning is nodig met die oog op die nuwe jaar se inspanning.

Oor die manier waarop ons gedurende die nag rus, word daar

in die aangedbed gebid: 'Laat ons slaap matig en nie onordelik wees nie, sodat ons aan liggaam en siel onbevlek mag wees. Verlig die oë van ons verstand dat ons nie in die dood ontslaap nie, maar altyd ons verlossing uit hierdie ellende verwag. Beskerm ons ook teen alle aanvegtinge van die duiwel en neem ons in u heilige hoede. En aangesien ons hierdie dag nie deurgebring het sonder om teen U grootliks te sondig nie, daarom bid ons U, wil ons sondes bedek deur u barmhartigheid – soos U alle dinge op aarde met die duisternis van die nag bedek – sodat ons daardeur van u aangesig nie verstoort word nie. Gee ook rus en troos aan alle krankes, bedroefdes, en aangevogte harte, deur ons Here Jesus Christus ...'.

Die taal van die aangedbed mag dalk ietwat verouderd klink. Die saak is allermens verouderd. Weereens kan die lyn vanaf die aangedbed na die rus aan die einde van die jaar deurgetrek word. Net soos inspantyd, moet die christen se uitspantyd op God gerig wees. Of ons werk of slaap, ons dagtaak verrig of vakansie hou – oral geld die orde van God. Onder alle omstandighede word die mens

tot matigheid opgeroep en teen onordelike gewaarsku.

Daarby kom die gebed om beskerming teen aanvegtinge. Ongetwyfeld word die mens by sy werk deur Satan en sy magte aangeveg. Geen oomblik gaan verby wat die bose sy vangnet nie span nie. Geen oomblik mag daar verslapping van konsentrasie wees om die slinkse aanslae van die bose te identifiseer en teen te staan nie. Ook nie as ons tot ruste kom nie. Veral nie as ons tot ruste kom nie. Want die gevaar van rus kán wees dat 'n mens jou in 'n onbewaakte oomblik en omstandigheid laat begaan. Daar word toegewings gemaak wat jy deurgaans nie maak nie.

In dié verband is die belydenis van Sondag 38 besonder ter sake. In die vierde gebod gebied die HERE dat sy kinders sal rus, sal sabbat. Met betrekking tot die sabbat van die vierde gebod bely die christen dat 'ek elke dag van my lewe van my bose werke rus en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe'. Rus is harde werk. Rus is onophoudelike stryd teen die sonde.

INHOUD

1	Redaksioneel Welteruste	6	Kerkerf Die buitengewone Sinode van Dordrecht 1618-1619 (3) <i>Ds HJ Momberg</i>	12	Koninkryk Free Reformed Churches of Australia
2	Skrifoordenking Vergeet Hom nie <i>Dr JG Meijer</i>	8	Fokus Die mens en sy werктаak <i>Dr HS van der Walt</i> Om Christus in die rede te val <i>Dr ALA Buys</i>	13	Persskou Die praktyk praat Die Skrif swyg Die mens praat harder Ander taal uit die NG Kerk Hof-lik is nog nie hofflik nie Die stem van Potchefstroom God se wet en die grondwet <i>Dr GJ Meijer</i>
3	Aktueel Nederige vrymoedigheid <i>Prof GJC Jordaan</i> Die NG Kerk: van volkskerk na nasiekerk <i>Prof RM Britz</i>				

In dié opsig het die rustyd aan die einde van 'n bedrywige jaar heelwat fasette. Liggaamlik mag die meeste van ons ontspan. Dit is nodig met die oog op die 'hef

aan' wat in 2007 voorlê. Geestelik moet die tyd benut word om met inspanning te ontspan. Rustyd is dinktyd, oorweegtyd, herlaaityd. In sy genade gee God die tyd

om te rus. Dit is vir ons om die Godegewe rustyd reg te gebruik.

Aan al ons lesers: welteruste!

GJM

Skrifoordenking

Dr JG Meijer (1931-2002)

Vergeet Hom nie

Lees: Psalm 103

Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie!

'n Mens is geoorloof om sekere dinge te vergeet. Paulus vergeet die dinge wat agter is (Filippense 3:14), sy farisese verlede (Filippense 3:5-7).

Die HERE wat vergewe werp al ons sondes agter sy rug (Jesaja 38:17). Hy wil dit nie meer sien nie. Hy werp dit in die dieptes van die see (Miga 7:19). Hy wil nooit weer daaraan dink nie (HK, antwoord 56). So ver die ooste verwyder is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons (Psalm 103:12; vergelyk Psalm 32; Jesaja 1:18). Ons mag Hom daarin volg ...

Die Skrif wat sê dat ons mag vergeet, gebied ook om nie te vergeet nie. Wat wel in herinnering geroep moet word, is die verbond van die HERE (Deuteronomium 4:23), sy roemryke dade in die geskiedenis (Psalm 78:4,7), sy heilige wet (Psalm 78:5) en veral ons Verbondsgod self (Deuteronomium 6:12).

Wie Hom vergeet kan miskien heelwat waarhede oor Hom vertel, maar hou geen rekening met Hom in die alledaagse lewe nie. In die ou-testamentiese kerkgeskiedenis het die volk van God hierdie gebod voortdurend oortree.

Hulle het sy wonderwerke (Psalm 78:11), sy wet (Hosea 4:6), God, hulle Verlosser (Psalm 106:21; vergelyk Deuteronomium 32:18; Rigters 3:7) telkens weer vergeet en die afgode bo Hom verkies (Rigters 2:11-19; Jesaja 17:10; 51:13; Jeremia 3:21-22; 13:25; Esegïel

22:12; 23:35; Hosea 2:12; 8:14; 13:6).

Die oordeel oor hierdie afval is skrikwekkend. God vergeet sy kinders wat Hom vergeet, tot in die nageslag (Hosea 4:6). Hy gee hulle oor aan die hel, net soos Hy die nasies van Kanaän by Israel se intog in die beloofde land verdelg het (Deuteronomium 8:19-20; Josua 23:3-9; vergelyk Hosea 8:14).

Die digter van Psalm 103 aanvaar van harte die gebod om nie te vergeet nie. Tegelykertyd besef hy hoe maklik die sondige mens sy God vergeet. Hy is tog geneig om God te haat (HK, antwoord 5), om Hom in die huwelik en gesin, in die werk en die politiek en selfs in sy kerk te ignoreer.

Nou gaan staan hy voor die HERE en praat hardop met homself: O my siel, bestry jou geneigdheid om Hom uit die oog te verloor. Vergeet nie een van sy weldade nie (vergeelyk Psalm 42:6; 104:1). Hy prent God se gebod by homself in. Ja, die Heilige Gees werk in hom sodat hy hom die verbondseis om nie te vergeet nie, toe-eien.

Die digter van hierdie lied is Dawid, die messiaanse koning. Die Gees van die komende Christus inspireer hom en verkondig: Volk van Dawid, gemeente van Christus, die gebod om nie te vergeet nie bly altyd aktueel.

Ons almal is net soos Dawid geneig om die HERE te ignoreer. Die Heilige Gees leer ons in die danksegging by elke nagmaalsviering om soos koning Dawid voor God te gaan staan en voortdurend die selfgesprek van Dawid te herhaal: Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy

weldade nie!

Die eerste en die grootste van God se weldade is die vergewing van al die ongeregtighede (Psalm 103:3,12) op grond van Christus se borgtogtelike lyde en sterwe. Die HERE neem verder die gevolge van die sonde weg. Hy genees ons van krankhede (Psalm 103:3), verlos ons van die verderf en die graf (Psalm 103:4,14-18), versadig ons met die goeie en vernuwe ons kragte (Psalm 103:5).

Die digter besing nie slegs die weldade van God nie. Hy sien in die dade die Doener, agter die gawes die Gewer. In die wonderwerke van die HERE skitter sy deugde: sy almag, wysheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid (HK, antwoord 122; vergelyk NGB, artikel 1).

Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid (Psalm 103:8). Dawid sien in die werke van die HERE God self. Hy praat met homself: Loof die HERE, o my siel.

Onder al God se deugde word sy goedertierenheid in Psalm 103 beklemtoon. Hierdie woord kom vier maal in die lied voor (Psalm 103:4,8,11,17). Goedertierenheid is verbondstrou. Ons goedertieren Vader is betroubaar, geloofwaardig (Romeine 3:3; 1 Korintiërs 1:9; 1 Tessalonisense 5:24). Wat Hy belowe, doen Hy met die daad.

Die goedertierenheid is oor diegene wat Hom vrees, oor almal wat sy verbond hou en sy bevele nie vergeet nie, maar daaraan dink om dit te doen (Psalm 103:17-18). Wie daarenteen sy verbond verbreek, moet onthou: God sal sy goedertierenheid van hom of

haar wegneem (Jeremia 16:5). Verbondsbrekers val onder die verbondswraak.

God se goedertierenheid en sy geregtigheid vir kindskinders is van ewigheid tot ewigheid, dwarsdeur die geskiedenis, oor diegene wat Hom vrees (Psalm 103:17). Volk van God, wees historiebewus. Leer ken die goedertieren Vader uit die verlede en in die hede.

Vergeet Hom nie wat in die toekoms dieselfde sal wees, wat tot in die nageslagte sy guns bewys. Vergeet Hom nie. Waar dit wel gebeur, steun die mens nie op Hom nie, maar op die bedrieglikheid van sy eie hart (Jeremia 17:9) en bewerkstellig hy in sy vermetelheid of terneergeslaenheid sy eie

ondergang.

Die psalmdigter rig hom, deur die Gees gelei, tot hemel- en aardbewoners. Almal moet hom volg in sy loflied en, soos hy, gelukkig wees. Loof die HERE, engele, kragtige helde wat sy woord volbring (Psalm 103:20). Loof die HERE, mense, op alle plekke waar Hy heers (Psalm 103:22). Hy vernuwe sy kinders op alle lewensterreine. Aan Hom kom die lof en die aanbidding toe.

Daar geskied 'n wonder. In 'n verdorwe wêreld klink hier en daar en orals die lofsang van hulle wat deur die bloed van die Seun gereinig is en word. Die Gees verlig hulle. Ons Vader se goedertierenheid word in sy werke

gesien. Die gebed volg die geloof wat die gebod aanvaar om nie te vergeet nie.

Loof ons drie-enige God. Hemelse Vader, laat u naam geheilig word. Loof die HERE wat in die geskiedenis wonders gedoen het en vandag nog wonders verrig in sy kerk en in die lewe van elke gelowige. Vergeet geneen van sy weldade nie. Loof die HERE, o my siel.

Waar die lof weerklink in die kerk, in die huisgesin, in die werk, in ons skole en regeringsale, klop die hart van 'n nasie wat die HERE se goedertierenheid in die geskiedenis ondervind het en sal bly ondervind.

Aktueel

Prof GJC Jordaan, Potchefstroom

Nederige vrymoedigheid

In Handeling 28:31 lees ons dat Paulus tydens sy twee jaar huisarres in Rome die koninkryk van God 'met volle vrymoedigheid' gepreek het. Die Griekse woord vir 'vrymoedigheid' (*parresia*) beteken kortweg: *alles* word gesê. Dat Paulus met vrymoedigheid (*parresia*) gepreek het, kom dus daarop neer dat hy *alles* kon sê sonder om iets terug te hou. Hy het die volle waarheid oor Christus gepreek net soos die Here dit aan hom bekend gemaak het. Vir vervolging was hy nie bang nie. Die Here het dit so beskik dat hy 'sonder enige verandering' kon praat.

Vir iemand wat juis oor sy geloof onder arrest was – 'n gevangene omdat hy die Here dien (Efesiërs 4:1) – was hierdie vryheid van spraak iets ongehoords. Vir Paulus kon dit, want hy was 'n Romeinse burger en volgens wet selfs as gevangene op spesiale behandeling geregtig. Die wet het so bepaal, maar tog kan ons nie anders nie as om die hand van die Here daarin raak te sien. God gebruik die regstelsel van 'n heidense owerheid

om die ruimte vir sy apostel te skep sodat hy die evangelie aan die heidene kon verkondig. Hy kon alles met vrymoedigheid sê, sonder enige verandering.

Tog het Paulus baie teenstand in sy werk beleef. Uit die staanspoor was dit so. Sommer aan die begin van sy eerste sendingreis, wanneer Paulus in Antiochië in Pisië kom, loop hy hom teen die Jode vas. In Handeling 13:50 lees ons daarvan. Daarna het Paulus dikwels hewige teenstand van die Jode beleef. So was dit in Ikonium en Listre (Handeling 14:5,19), in Tessalonika en Berea (Handeling 17:5-13). Daar was ook teenstand van die heidene, soos in Filippi (Handeling 16:21) en Efese (Handeling 19:23-40). In sulke omstandighede het Paulus se Romeinse burgerskap telkens tot sy redding gekom (Handeling 16:37-39). Die Jode was egter die felste teenstanders en het uiteindelik daarvoor gesorg dat Paulus in Jerusalem deur die Romeinse owerheid gevangene is (Handeling 21:30-36). Ironies genoeg het die Jode

dieselfde God as die christendom aanbid (Handeling 22:3). Juis hulle wou ten alle koste keer dat alles oor God se koninkryk gesê word. Dat Hy sy Seun Jesus Christus as ons enigste geregtigheid gegee het – dit moes verswyg word.

Die grootste stuk ironie van die geskiedenis is dat die ergste teenstand teen die evangelie dikwels uit die kerk self kom. Hierdie vreemde werklikheid het Paulus ook in sy eie bediening beleef. In Korinte is die gesag waarmee hy preek bevraagteken – tot so 'n mate dat Paulus sy tweede brief aan die Korintiërs grootliks daaraan wy om sy apostoliese gesag te verdedig. Nie net sy gesag is bevraagteken nie maar ook die houbaarheid van dit wat hy verkondig het.

- Kan Paulus se voorskrifte oor die huwelik en seksuele kuisheid werklik in ons samelewing werk?, is gevra. In 1 Korintiërs 7 antwoord die apostel op hierdie vrae en skryf in vers 23: 'Julle is duur gekoop; moenie slawe van mense word nie.'

- Die apostel kan tog nie van ons verwag om anders as die res van die samelewing te leef nie!, is geredeneer. Daarom kan ons maar saam met hulle afgodsoffers eet en aan hulle onkuishede meedoen. Solank ons net nie vir die wêreld aanstoot gee of wêreldvreemd lyk nie. Die apostel antwoord in 1 Korintiërs 10:21: 'Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie.' In 2 Korintiërs 6: 'Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie' (vers 14).
- Die nagmaal – waarom kan ons dit nie na ons eie smaak inrig nie?, het hulle gevra. Paulus antwoord in 1 Korintiërs 11: Hierin prys ek julle nie. Immers, wat ek aan julle oorgelewer het, het ek van die Here ontvang (verse 17 en 23). Dan gee hy 'n uiteensetting van hoe die Here die nagmaal ingestel het.
- En die erediens – waarom moet ons hou by die erediens wat ons van die apostel ontvang het?, het hulle gevra. Waarom dit nie opkikker sodat dit 'n skouspel van ons geestesgawes word nie? In 1 Korintiërs 14 wys Paulus hulle daarop dat niks anders nie as die Woordverkondiging in die erediens sentraal moet staan en sê dan in vers 33: God is nie 'n God van wanorde nie, maar van orde en vrede.
- Laastens, die opstanding. Dit kan tog nie van moderne, regdenkende mense verwag word om te glo dat Jesus werklik liggaamlik uit die dood opgestaan het nie. Die opstanding skreeu tog teen alle wetenskaplike feite in en die belydenis daarvan word 'n verleentheid vir die christelike kerk. Kom ons erken nou maar dat dit 'n blote mite is wat hoogstens simbolies verstaan moet word. Die apostel antwoord: 'As Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes' (1 Korintiërs 15:17).

Onnodig om te sê: hierdie besware klink of dit so reg uit die een-en-twintigste eeu kom. Hier en daar verskil die vernislagie net so effens. Dieselfde sake as destyds

is in die spervuur: die huwelik (en homoseksualisme), die erediens, die prediking, die sakramente, die opstanding van Christus. Steeds word die gesag van die Here se Woord, soos Hy dit deur sy profete en apostels laat opteken het, bevraagteken. As die Bybel nie weggedeneer kan word nie, word dit wat daarin staan 'wegverklaar' sodat dit ongeldig verklaar word of so geïnterpreteer word dat dit die teenoorgestelde sê van wat daar staan. Die ongeskrewe reël vir die verstaan van die Bybel is: Dit mag nie iets anders sê as wat ons wil hê nie. Ons eie 'beterwete' is die norm van alle waarheid.

Die apostel se bekende waarskuwing aan Timoteus kan in hierdie verband nie genoeg onderstreep word nie: 'Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratere, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig ... roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af' (2 Timoteus 3:1-5).

Hierdie toedrag van sake plaas die kerk van Christus voor 'n geweldig belangrike toets: Gaan ons ter wille van vrede die waarheid verswyg? Gaan ons ter wille van mense dele van die Skrif vir 'n tyd lank in 'n diep laai probeer wegbêre? Of gaan ons die moed van die oortuiging aan die dag lê om die Here se Woord te bly preek – met vrymoedigheid? Met *parresia* – sodat ons *alles* sê wat die Here aan ons in sy Woord bekend maak? Die volle raad van die Here, die volheid van sy wese en sy wil en sy genade in Jesus Christus?

Om hierdie toets te slaag, verg buitengewone krag – krag waaroor geen mens in homself beskik nie. Dit kan alleen maar van die Gees van God kom. Daarom maak die toets ons nederig voor die Here. Paulus skryf in 1 Korintiërs 2:3-4: 'Ek was ook by julle in swakheid en in vrees en in veel bewing; en my rede en my prediking was nie in

oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag.' En in vers 13: Ons spreek nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie maar met dié wat die Heilige Gees leer.

Juis omdat die krag van die prediking van die Gees van God af kom, vra Paulus by meer as een geleentheid dat die kerk tog vir hom moet bid dat hy met vrymoedigheid sal preek (Efesiërs 6:18-20); met *parresia* – sonder om iets te verswyg of te versag. Hiervoor moet ook ons bly bid. Vir onself, vir ons dominees, vir die Gereformeerde Kerke, vir die christendom in geheel. Vrymoedig voor die mense maar nederig voor die Here. Mag God ons daartoe help.

VGL-byeenkoms

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel beplan om DV op Saterdag 3 Maart 2007 'n byeenkoms te hou.

Die tema is:
Heilshistoriese Skrifverklaring

- op die kansel
- in die klaskamer

Nadere besonderhede sal in die volgende uitgawe bekend gemaak word.

Die NG Kerk: van volkskerk na nasiekerk

In die amptelike voorlegging van die NG Kerk aan die regering oor die voorgestelde nuwe huwelikswet, sien 'n mens dit dadelik raak. Daar is geen verwysing na, of 'n aanhaling uit die Bybel nie. Selfs oor Christus word niks gesê nie. Hierdie goed deurdagte stuk, logies en beredeneerd opgestel, gaan trouens nie oor wat die Bybel oor die huwelik sê nie. Die NG Kerk vra daarin dat die regering die bestaande en ou wetgewing uit 1961 oor die huwelik in pas moet bring met die vereistes van ons Grondwet. In die voorlegging plaas hierdie kerk haarself selfs op hoë morele grond deur die regering daaraan te herinner dat die bestaande wette eintlik nog stam uit die apartheidsverlede. So laat die NG Kerk haar stem hoor in die hoogste sale van ons owerheid.

Op die keper beskou is dit die manier waarop die NG Kerk vorentoe beur om in die nuwe Suid-Afrika weer op die voorpunt te kom ten einde in die samelewing 'n verskil te maak. Met die Grondwet in die hand, wen sy aan relevansie deur by die regering te pleit vir 'n bedeling wat die lewe vir al die burgers van die land beter en sinvoller sal maak. Sy tree in vir almal. Dit is die primêre keuse wat sy in haar voorlegging maak.

Presies hier hang haar onderrok uit. Hierdie opsie is – en laat ons hieroor eerlik wees – die soort opsie wat 'n volkskerk graag kies. 'n Volkskerk dien van huis uit die belange van die hele volk. Dit is 'n kerk van die volk en vir die volk. In ons konteks het dit natuurlik irrelevant geword om die belange van 'n spesifieke volk (byvoorbeeld die Afrikaner) te dien. Dit het die NG Kerk al lankal ingesien en selfs besluite daarteen geneem – destyds, rondom 1986 met haar beleidstuk *Kerk en Samelewing*.

Klaarblyklik het hierdie insig egter nie veel gehelp nie. Sy het nie

die werkswyse en benadering van 'n volkskerk afgeskud nie. Dit sien 'n mens te duidelik in haar voorlegging, en in die ingrypende keuse om niks aan die regering te rep oor wat die Bybel of Christus oor die huwelik sê nie. Die oomblik en die situasie vra van haar iets anders: om ter wille van ons nasie, ter wille van reg en geregtigheid aan almal, en ook aan alle godsdienste, die Grondwet te handhaaf. Dit is wat ons nasie nou nodig het. Dit gaan vir ons en ons kinders 'n mooi toekoms verseker. Deur op hierdie manier die belange van die nasie te dien, wys die NG Kerk dus eintlik hoe sy in die nuwe demokratiese bestel haar rol sien en ook in die openbaar wil speel. Sy kies haar woorde keurig en gepas: dit is bedoel om verrassend en vars te wees en staan in die teken dat sy nou nuut dink oor sake.

In die NG Kerk het daar dus *histories* 'n skuif gekom: In die verlede het sy met groot oortuiging vir die belange van die Afrikanervolk ingetree. Nou tree sy selfs met groter stelligheid in vir die belange van die nasie. Dit verdien ten minste die waardering en dank van ons nasie. *Teologies* het hierdie skuif hom vergestalt langs die lyn van 'n volkskerk af tot by 'n nasiekerk. Daarmee het niks wesenlik aan haar verander nie. Die nasie het net in die plek van die volk geskuif. As 'n nasiekerk wil sy haar relevansie behou en haar getuienis in die nuwe Suid-Afrika uitleef. Dit is byvoorbeeld ook die rede waarom sy haar voorlegging sommer ook vir die 'meeste ander gereformeerde kerke' (om daaruit aan te haal) gemaak het. Getalle, en 'n goeie gesig by die nasie, tel immers baie punte.

Die skuif wat in die NG Kerk gekom het, het haar teologies nie op 'n nuwe weg geplaas nie. Wat haar benadering in hierdie verband betref, is alles nog maar dieselfde.

Dit is die rede waarom sy nie van reformasie hou nie. 'n Nasiekerk (nes 'n volkskerk) kan reformasie eenvoudig nie kleinkry nie. Sy hou nie van mense wat uit pas is nie. Die reformator Lourens Erasmus was een van hulle. Man alleen het hy reguit, helder, nugter, objektief daarvoor gepleit dat die NG Kerk 'n gereformeerde kerk moet wees. Die skuif wat moet kom, moet in die omgekeerde rigting wees: weg van die volk en die nasie af na die kerk van Christus toe. Sy aandrang het hom die bediening in die NG Kerk gekos.

Die saak is egter nie van die tafel af nie. Daar is net te veel lidmate wat onrustig raak. Trouens – met elke omstrede besluit, elke standpunt, elke voorlegging, elke persvystelling en elke teruggekrabbel van die NG Kerk, groei die ongemak. Dit is asof die skuif wat gekom het van volkskerk tot nasiekerk, teen 'n onsigbare weerstand bly stoot. Dit kan tog nie as 'n soort oproer teen haar nuwe identiteit as 'n nasiekerk geïnterpreteer word nie. Haar volkskerktradisie is immers getransformeer. Dit behoort tot die ou en vergange Suid-Afrika. Bowendien sou die volkskerktradisionaliste uit die aard van die saak aandrang op herstel, op reparasie, op 'n regmaak van binne af, op lojaliteit, en nie teen die altyd byderwetse tradisie as sodanig wil ingaan nie.

Dit is 'n onrus waaroor jongmense spontaan praat, wat opduik in gesprekke waar dominees nie by is nie, waaroor predikante mekaar bel as lidmate nie hoor nie, wat verwoord word in briewe aan koerante, ja, wat in werklikheid orals in verskillende kaggels brand. Waar kom dit vandaan? Dit kan tog niks anders wees nie as die wekroep van die Gees: terug na die Skrif alleen. Teen die stroom op. Terug na 'n gereformeerde

kerk, wat in Christus vry is, vry van nasiekerk-besluite, vry van kerklike hiërargie met 'n topbestuur wat alleen seggenskap het, vry van

bindende voorleggings, vry van lojaliteit en gehoorsaamheid aan die kerk. Vry om kerk te wees soos wat die Bybel dit vir ons gee en

waar die stem van die goeie Herder deurslaggewend is.

Hierdie artikel is ook in *Die Volksblad* gepubliseer.

Kerkerf

Ds HJ Momberg, Pretoria – Die Kandelaar

Die buitengewone Sinode van Dordrecht 1618-19 (3)

Die besluitnemingsproses (2)

In die vorige artikel is die optrede van die Remonstrante by die Sinode van Dordrecht beskrywe. Van die begin af was dit duidelik dat hulle alle maatreëls getref het om die ordelike gang van die sinode te ontwig. Hulle het met beplande agteraf-vergaderings en strategie teen die behoorlike voortsetting en afhandeling van die saak, waarvoor hulle voor die sinode gedagvaar was, ingegaan. In hierdie artikel handel ons verder oor die verloop van die behandeling van hulle saak.

Na baie stryd het die Remonstrante op 17 Desember (34e sitting) hulle siening oor die oorblywende 4 artikels ingelewer, en op 21 Desember, na nog 'n verdere worsteling, ook hulle bedenkinge teen die kategismus.

Toe die saak eindelijk op 27 Desember in behandeling kom, het die voorsitter enkele toetsvrae aan die Remonstrante gevra. Het hulle nog enige ander bedenkinge? Is dit wat hulle ingehandig het dieselfde as wat hulle eerder aan die State van Holland gestuur het? Verskillende antwoorde het hierop uitgekóm. Eindelijk het die voorsitter gereël dat wanneer die artikels behandel gaan word, die Remonstrante hulle streng daaraan sal hou om hulle eie bedenkinge teen die belydenis te verduidelik en nie om die leer van ander te weerlê nie. Hierteen het die Remonstrante heftig beswaar gemaak.

Op 28 Desember het die Remonstrante 'n brief ingehandig waarin hulle die vermoede

uitspraak dat die sinode hulle nie in die geleentheid sal stel om die Kontra-Remonstrante se gevoelens oor die uitverkiesing te toets nie. Die sitting het eers later begin omdat die voorsitter saam met sy assessore oor die geldigheid van die Remonstrante se brief moes besluit. Die kommissie het dit goed gevind dat die brief nie weereens voorgelees word nie en dat die Remonstrante nou tot 'n punt moet kom om op die vrae te antwoord. Episkopius wou nie hieraan gehoor gee nie. Ook die ander het by hom aangesluit. Die optrede het die gesag en die eer van die sinode regstreeks op die spel geplaas.

Op 29 Desember het die Remonstrante opnuut verklaar dat, indien hulle bloot ja of nee op die voorsitter se vrae moet antwoord, hulle by hulle geskrewe dokumente volstaan. Indien hulle om 'n nader verklaring van hulle verwerping van die leer van die belydenis gevra word, wil hulle die vryheid hê om hulle probleme met die leer van die uitverkiesing; hulle probleme met die leer van die verwerping asook 'n weerlegging van die Kontra-Remonstrante en diegene wat die sinode vir regsinnig hou, te gee.

Indien daar dan nog iets uitgelaat is, sou hulle op verdere vrae antwoord.

Hierop het die voorsitter hulle gevra wie hulle bedoel met 'diegene wat die sinode vir regsinnig hou'. Episkopius antwoord toe dat die vraag te vroeg gestel was en dat die name wel aan die orde sou kom as die saak self behandel word. Die voorsitter het egter op 'n antwoord

aangedring, maar die Remonstrante het hulle afsydig bly hou tot op 'n breekpunt waar (volgens G Brand) Bogerman in toorn uitvaar: 'Wil julle dit nie noem nie, dan sal ek dit doen. Dit is Zwingli, Bucer, Calvyn, Beza, Marloratus, Martyr, Zanchius, Piscator, Perkins, Whitaker (Gereformeerde en Puriteinse teoloë van naam). Dit is die dapper helde, die heerlike ligte van die kerk, die salige siele wie se gedagtenis by God en die mense geseënd is ... dit is die mense wat julle wil verdag maak'. Die Remonstrante het nie gereageer nie.

Die voorsitter het die mening van die sinode gevra. Die Engelse afgevaardigdes wat reeds moeg was vir die optrede van die Remonstrante, het die Remonstrante se teenwoordigheid voor die sinode nie verder nuttig of nodig geag nie. 'n Mens kon uit hulle geskrifte en boeke wel die verskilpunte sonder hulle teenwoordigheid vasstel. Ander van die buitelandse kerke het in dieselfde rigting gepraat. Toe die Remonstrante steeds weier om hulle aan die orde van die sinode te hou en die bevel van die kommissie van die moderamen te gehoorsaam, het die sinode besluit om 'n deputaatskap na 's-Gravenhage te stuur om hulle by die State-Generaal te bekla en nadere instruksies te ontvang. Op 2 Januarie 1619 (45e sitting) het die voorsitter die lede van die sinode versoek om hulle gravamina oor die leer gereed te maak, uit die boeke van die Remonstrante aan te teken wat buite die 5 artikels

om gaan en goed te let op die disputasies van Episkopius wat toe onlangs gedruk was.

In die tussentyd het 'n vergadering te 's-Gravenhage in die teenwoordigheid van prins Maurits en Willem Lodewyk besluit om die Remonstrante te beveel om hulle voortaan onbepaald aan die orde van die kerklike en politieke lede van die sinode te onderwerp op straf van kerklike en politieke sensuur. Indien hulle in hulle ongehoorsaamheid volhard, mag hulle gevoelens uit hulle geskifte, skriftelike getuïenisse en mondelinge verklarings ondersoek word en mag na God se Woord 'n beslissing geneem word. Hulle mag Dordrecht nie verlaat nie en moes sonder uitvlugte antwoord en die nodige verklarings gee as hulle voor die sinode geroep word. Hierdie resoluë van die State-Generaal is op 3 Januarie aan die Remonstrante voorgelees. Daarna het die voorsitter vier vrae aan elkeen van hulle gevra. Telkens was die antwoord dat hulle geen ander optrede sal volg as wat hulle reeds in hulle laaste antwoord gestel het nie. Weereens het die voorsitter hulle daarop gewys dat hulle hulle voor God en hulle mede-dienare moet verantwoord en dat hulle nie die kerklike tug moet minag nie.

Steeds het strydgesprekke oor wie verdraagsaam was, wat die gesag van die staat se resoluë was, hoe teenstrydig die siening van die Kontra-Remonstrante sou wees, en so meer voortgeduur. Op hierdie moeë punt het die voorsitter die sitting verdaag.

Op 4 Januarie (47e sitting) is op voorstel van die voorsitter besluit om 'n aantal vraagpunte uit die geskifte van die Remonstrante op te stel waaruit hulle gevoelens helder en getrou saamgevat word. Dit is op die volgende dae gedoen. Op die 11e Januarie (54e sitting) is die Remonstrante weer ingeroep. Die voorsitter het 'n oorsig van die stand van sake gegee en gevra of die Remonstrante steeds staan by hulle gevoelens soos wat dit in die Haagse Konferensie vervat is. Episkopius het toe weer oor hulle vryheid begin kla. Die

Remonstrante wou ook eers die vrae van die voorsitter skriftelik hê, waarop die voorsitter reageer dat die vrae so eenvoudig was dat hulle dit op staande voet kon beantwoord. Hulle het egter geweier omdat hulle dan die sinode as wettige regter sou erken.

Die sinode is eers verdaag tot die 14e Januarie met 'n opdrag aan die moderamen om die Remonstrante tot gehoorsaamheid te beweeg. Dit was sonder die gewenste resultaat. Op die 14e Januarie (57e sitting) het die kommissie uitvoerig verslag gelewer van hulle pogings. Die buitelandse afgevaardigdes het gevind dat die Remonstrante met hulle hardnekkigheid en ongehoorsaamheid die geduld van die moderamen en die sinode lank genoeg misbruik het en dat die sinode deur hulle twyfelagtige beloftes bedrieg is. Volgens A Scultetus, hoogleraar te Heidelberg, moes die sinode hulle nie verder tegemoetkom nie. Aan hulle moet gevra word of hulle die laaste resoluë van die sinode wil gehoorsaam. As hulle nie opreg daarop antwoord nie, moet hulle weggestuur word. Daar is opgemerk dat die Remonstrante met leuens begin het en daarmee eindig.

Toe die Remonstrante binnekom, het die voorsitter hulle gevra of hulle hulle aan die orde onderwerp en sonder verdere uitvlugte eerlik sal antwoord op die vrae. Episkopius wou weereens 'n skriftelike antwoord voorlees, maar die voorsitter het op 'n ja of nee aangedring. Hulle wou steeds nie die orde van die sinode gehoorsaam nie. Na nog diskussie is 'n dokument van 32 bladsye oorhandig wat 'n verklaring van die eerste artikel bevat asook 'n weerlegging van die Kontra-Remonstrante met 'n bewysvoering uit hulle geskifte en woorde. Nadat al die Remonstrante daarby geteken het, het die voorsitter die woord geneem.

Hy het aan hulle meegedeel hoedat hulle telkens die sinode bedrieg het en die orde omvergewerp het. Uiteindelik, met swaar toornige stem het hy hulle in die naam van die moderamen weggestuur: 'Men ontslaat u. Gaat henen' (exite!).

Met allerlei opmerkings en teenwerpings waarin hulle hulle op die troon van Christus beroep, is die Remonstrante daar weg. Nou was die atmosfeer gelade. Die sinode is die hele tyd met bysake, met kat en muis speletjies, besig gehou wat die aandag van die eintlike leergeskil weerhou het. Dat dit na soveel weke van frustrasie tot 'n ontploffing gekom het was dus tegelyk verstaanbaar en betreurenswaardig.

Die metodiek van die Remonstrante was meesterlik planmatig. Hulle het immers hulle gevoelens in hulle geskifte duidelik uitgespreek. Tog het hulle hul by die sinode in 'n stilswye gehul. Nie om hulle gevoelens skynbaar te verberg nie, maar as 'n doelbewuste poging om die sinode op te hou en die teenparty af te mat. Die swak plek in hulle verdediging was dat hulle hul vooraf onder die owerheid geskaar en deur die owerheid laat beskerm het, maar toe die gety draai, juis die gesag van die owerheid geminag het.

Bogerman het die moeisame sittings sorgvuldig gelei en moes baie emosies verwerk. Die buitelanders het hom egter vir sy voorsitterskap geprys en gevind dat hy hom uitermate vriendelik teenoor die Remonstrante gedra het. Die wegstuur van die Remonstrante was dus vir hom die bevryding van 'n swaar las, al het hulle dit eers na baie weke van stryd en aftakeling as't ware uit Bogerman gepers.

'n Belangrike les uit hierdie gebeure is die herkenning van die bewuste leuenagtige werkswyse van die vyande van die Gereformeerde godsdiens. Lank voordat hulle dwaalleer self op die lappe kom, is die kenmerke van hulle gedrag reeds simptome wat die aanwesigheid van 'n dwaalleer verklap: duistere optrede, agteraf beplanning, bedekte vergaderings, geheime agendas, oneerlike voorleggings, retoriese verdraaiing van woorde, uitwendige menslike magsvertoon, uittarting van die ordelike gesag wat Christus daargestel het.

Waar ons tans in die GKSA stryd ervaar oor die gesag wat ons van die Skrif aanvaar in die uitlewing

van verskillende kerklike praktyke, is daar ernstige gewetensvrae wat baie betrokkenes moet besig hou. Moet kundiges na afloop van sinodale vergaderings verklarings en interpretasies daarvan uitreik en kerke adviseer omdat die besluite self so onduidelik is? Ten opsigte van die inhoud van hierdie adviese

wat in die kerkverband rondgaan: Hoe en waar het dit tot stand gekom, veral as by nader ondersoek vasgestel word dat daardie adviese alleen maar keurige retoriek is om presies die teenoorgestelde standpunt as van die sinode te propageer? Waarom altyd weer die kerke in die gat van dubbelsinnige

betekenisse indompel en dan maak asof die sinode wel so besluit het?

Laat ons tog nie die les uit die geskiedenis van die buitengewone sinode van Dordrecht 1618-19 vergeet nie en laat ons in ons gesprekke opreg wees soos die duiwe en so versigtig soos die slange.

Fokus

Dr HS van der Walt, Pretoria

Die mens en sy werктаak

Die werктаak van die mens bestaan nie net uit fisieke arbeid nie, maar sluit ook aktiwiteite in wat hoofsaaklik psigiese vermoëns of eienskappe, byvoorbeeld leidinggewing vereis. Oor die arbeidspek van die mens se kultuuroopdrag gee God in sy Woord vir ons die volgende belangrike inligting (1933/53 vertaling):

- Genesis 1:28 – En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.
- Genesis 3:17 – En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie – vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.
- Openbaring 22:5 – En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.

Drie 'tydperke'. Hulle kan duidelik van mekaar onderskei word op grond van die omstandighede waaronder die mens werk verrig. Tydperk een geld net vir Adam en Eva en duur tot hulle sonde in die paradys. Tydperk twee strek

vandaar tot die wederkoms van Jesus Christus en geld vir alle mense in hierdie tydperk (dus ook vir ons). Daarna tydperk drie, net vir God se verlore kinders, en dit strek tot in alle ewigheid.

Besondere omstandighede kenmerk die eerste en derde 'tydperke', want die mens en die res van die skepping verkeer in harmonie met God en daarom ook met mekaar. Die werктаak kan dan maar net heerlik en 'n lus wees. Ons verdere aandag word egter gewy aan die tussenperiode waarin die mensdom tans nog verkeer. Hierdie tydperk word gekenmerk deur twee besondere sake.

Die een is die omstandighede waaronder die werктаak verrig moet word, naamlik die gevolge van die sonde ('vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe'). Disharmonie met God en die skepping, insluitend die medemens. Die ander is, danksy God se liefde en genade, dat Jesus Christus in hierdie tydperk versoening vir God se kinders se sondes gedoen het. Hierdie gebeure plaas 'n besondere perspektief op die aard van die mens se werkomstandighede (Kolossense 2:6,10; Efesiërs 1:17-20).

Sienings oor werk in die verlede en hede

By die mens van die vroegste

tye was 'n beroep gewoonlik 'n religieuse spesialisering soos 'n smid, arts of priester. Verder is geglo dat die bekleër magies-charismatiese kragte besit. By van die Oosterse volke, byvoorbeeld by Boeddhisme, word harde werk ongeag die aard daarvan (fisiek, verstandelik, sosiaal, godsdienstig) beskou as die weg tot vervulling (*nirvana*). Die ou Grieke en Romeine het 'n tweeledige lewensbeskouing (wêreld en gees) gehad. Volgens die Grieke was bedrywe waar vergoeding betaal is of waar handewerk verrig is as die laagste beskou en slegs vir slawe en vroue bedoel. Vir die Griekse en Romeinse mans was die ideaal om hulle in wysgerige en staatsake te verdiep.

Enkele besonderhede oor twee meer resente benaderings tot die ekonomie, wat sienings oor werk raak, is ook gepas. Die een is Kapitalisme, en beskryf 'n ekonomiese stelsel gegrond op privaatbesit en beleggings. Dit is daarop gemik om – met minimum inmenging van die staat – produksie te maksimaliseer en op grond van markmeganismes 'n verdeling van skaars hulpbronne te bewerkstellig. Die ander is Sosialisme met die klem op die mens as lid van die samelewing. Die samelewing (staat) bepaal dan die wyse waarop produkmiddele gebruik word.

Empiriese inligting oor die betekenis wat mense aan werk heg

Uit die voorgaande blyk dat verskeie aspekte soos kultuur, godsdiens, ekonomiese uitgangspunte asook die tyd in die wêreldgeskiedenis 'n invloed kan of sal hê op mense se sienings oor werk en die betekenis wat daaraan geheg word. Uit empiriese ondersoeke in agt lande teen die einde van die vorige eeu, blyk dat 'n onderliggende struktuur met drie fasette uit die sienings afgelei kan word. Dit is:

- Belangrikheid van werk in 'n persoon se lewe (werksentraliteit).
- Gemeenskapswaardes oor werk (aanspraakwaarde; verantwoordelikeidswaarde).
- Waarde geheg aan die uitvloeiels van werk en werkdoelwitvoorkeure (inkomstevoortbrenging; selfuitlewing; leer- en ontwikkelingsmoontlikhede; gerieflikheid; interpersoonlike kontak; godsdienstige en sosiale diens).

Weens gebrek aan ruimte word hier slegs enkele opmerkings oor die laaste twee aspekte gemaak en later word verdere aandag aan werksentraliteit gegee. 'n Gemeenskap handhaaf waardes in sy midde. Oor die algemeen word daar op die uitgangspunt van die meerderheid klem gelê. In 'n samelewing met heterogene kulture soos in Suid-Afrika, kan dit dan maklik gebeur dat die uitgangspunte van die minderhede oor die hoof gesien en selfs vertrap word. Die verantwoordelikeidswaarde behels gewoonlik geïnternaliseerde waardes oor die persoon en die samelewing met die uitgangspunt 'jy behoort ...' byvoorbeeld vir jou oudag voorsiening te maak. Die aanspraakwaarde neem die uitgangspunt van 'elkeen, of die groep het die reg tot ...'. Die waarde funksioneer nie net as 'n geïnternaliseerde waarde nie maar vind ook uiting in wette: 'elkeen het die reg om dit of dat te verkry'. Dit is interessant om daarvan kennis te neem dat die VSA aan die einde van die vorige eeu hoog op verantwoordelikeid en laag

op aanspraak was, met Japan gemiddeld op albei, en Nederland laag op verantwoordelikeid en hoog op aanspraak. As ons die wetgewing in Suid-Afrika en berigte in die pers in aanmerking neem, wil dit voorkom of Suid-Afrika as geheel, huidig hoër op die waarde van aanspraak sal staan as op dié van verantwoordelikeid.

Uit die verskillende aspekte genoem by die waarde van werkuitvloeiels blyk dat werk 'n verskeidenheid behoeftes bevredig. In die opsig het meer as 65% van die betrokkenes in die ondersoek aangedui dat hulle sal aanhou werk al is hulle finansiële selfstandig en hulle nie die inkomste nodig het nie.

Inligting oor persone en groepe se profiele (stand van tellings op die verskillende indekse hierbo vermeld) is van belang by sake soos opvoeding van kinders, voorligting met die oog op keuse van 'n beroep, benaderings tot personeelbestuur in organisasies, werkskepping, onderhandelings tussen werkgewer en werknemer/vakbonde asook vir arbeidswetgewing. Alles sake wat ons alledaagse lewe ten nouste raak.

Die christelike beskouing oor werk

Onder christene bestaan daar verskeie sienings oor werk. Aandag word slegs gegee aan die twee hoofstrome, naamlik die van die Rooms Katolieke en die Protestante. Vroeg na die Apostoliese tyd het strominge in die christelike kerk ontstaan wat onttrekking uit die wêreld as 'n ideaal van vroomheid beskou het. Die asketisme het daartoe gelei dat roeping tot die monnikedom gereserveer is, veral as 'n middel tot diepere religieuse gevoelens. Arbeid van die ander mense (leke), hoewel hoog geag, is nie as 'n goddelike roeping beskou nie. Hierdie skeiding wat herinner aan die beskouing van die Grieke en Romeine, het geleer dat algehele toewyding aan geestelike sake meer verhewe is as betrokkenheid by wêreldse sake. So beskou Thomas van Aquino dan laasgemelde as plig (*officium*) en nie as roeping (*vocatio*) nie. Latere pouslike ensiklike (sendbriewe) handhaaf die skeiding

tussen genade en natuur. Die kerk en haar werk behoort tot die terrein van die genade, maar ander arbeid tot die terrein van die natuurreg.

Met die Reformasie het 'n ander arbeidsbeskouing ontwikkel. Luther het beklemtoon dat die gelowige in sy beroepsarbeid ook 'n arbeider in God se koninkryk in hierdie wêreld is. Sy voorbeeld in die verband, dat die werk van die skoenmaker en die boer net so eerbaar en heilig is as die van die predikant, is welbekend. Calvin plaas besondere klem op die soewereiniteit van God op al die lewensterreine. Die mens word in die lig van die verlossing deur Jesus Christus eerstens tot geloof en bekering geroep om burger van God se koninkryk te wees. Die roeping word in die enkelvoud (*vocatio*) aangedui. Die gelowige moet dan as christen lewe in alles wat hy/sy doen, dit is die ander roeping (*vocationes*).

Kenmerke en riglyne ten opsigte van werk

Die voorgaande dele gee 'n aanduiding hoe mense werk op sigself beskou. Dit is ook wenslik om te let op sekere kenmerke en riglyne wat die Here in sy Woord gee.

- Werk gaan met inspanning, moeite en onsekerheid gepaard en lei tot niks as die Here dit nie seën nie. Verder gee die Here ook nog onder spesifieke omstandighede mislukkings as tugtiging tot bekering. Vergelyk maar Genesis 3:17 en byvoorbeeld Prediker 11:4 en 6, Lukas 5:5, Psalm 126:5, Prediker 2:11, Psalm 127:1; Miga 6:5; Deuteronomium 28:38-40 en Haggai 1:6.
- Werk en die resultaat daarvan hou besondere vreugde in as die Here dit seën. So moes Israel dan gereeld die opbrengste feestelik vier en ook die Here met die gawes loof. Vergelyk in hierdie verband veral die fees van die oes (Eksodus 23:16) en verder byvoorbeeld Deuteronomium 16:10 en 15; Levitikus 23:10-14; Eksodus 34:22.
- Werk is 'n verantwoordelikeid wat die Here op die mens lê.

Die werктаak (arbeid) is deel van die kultuuroopdrag wat God aan die mens gee om die wêreld te beheers en te laat ontplooi (Genesis 1:28b). Die mens en sy arbeid staan dus in diens van God en moet uit die opbrengs van sy arbeid God loof en erken as die Gewer van alle goeie gawes en 'n deel in dankbaarheid aan God skenk (Deuteronomium 16:16-17; 1 Korintiërs 9:13-14; 2 Korintiërs 8:1-9; 2 Korintiërs 9:7). Verder moet hy homself onderhou (Efesiërs 4:28; 2 Tessalonisense 3:10-11) en ook diegene wat gebrek het help (Efesiërs 4:28; Deuteronomium 14:28-29). Praktike wat mense belemmer om hul Godgegewe verantwoordelikheid tot opleiding en werk na te kom, moet afgewys word (soos die diskriminerende arbeidswetgewing tot bevoordeling van swartmense).

- Hoe sentraal werk in mense se lewens staan is hier verder ter sprake. In die voormelde empiriese ondersoeke asook in die RSA is op grond van die rangordening van vyf belangrike lewensrolle bevind dat die familierol die eerste en die werksrol die tweede plek in mense se lewens inneem. Dit is nodig om teen twee uiterstes te waak, naamlik werkskuheid en werkverslawing. Die eerste word gekenmerk deur werkvermyding, of om net die minimum insette te lewer. Werkverslawing is om so met werk betrokke te wees dat ander verantwoordelikhede in gedrang kom. In ons materialistiese samelewing is laasgenoemde 'n wesenlike gevaar en lei meermale tot probleme rakende die huwelik en kinderopvoeding asook tot verskonings om nie ander sosiale verantwoordelikhede en dienswerk in gemeentes op te neem nie.
- Die mens kan nie net werk nie en het afwisselend rus nodig. Volgens Eksodus 20:11 word dié

ritme gefundeer op God se rus na die skeppingshandelinge. Vir die gelowige het rus onderliggend 'n geestelike dimensie van sondevergifenis (vrede met God) en gehoorsaamheid (Hebreërs 3:1). Rus, gesien as die tydelike staking van arbeid, impliseer 'n vertroue op God dat voortbestaan nie primêr afhanklik is van voortdurende voortgesette arbeid nie, maar van die versorging van God as Vader (Matteus 7:7-11; Filippense 4:6; Hebreërs 13: 5-6). In die wete kan die werk dan op verantwoordelike wyse met rus afgewissel word. Rus is nodig om fisiek en psigies te kan herstel en om geleentheid te hê om die ander roeping na te kom.

- Die eis van die vierde gebod om nie op die sewende dag te werk nie, is primêr op die aard van die dag gerig (Eksodus 20:8-11). Die rus verskil kwalitatief van die voorgemelde rus en hou volgens HK vraag 103 in dat die gelowige op Sondag veral die heilsweldade van Christus feestelik sal gedenk, uitlewe en aan die wêreld verkondig. In die hedendaagse tegnologiese en materialistiese samelewing is die aspek baie gekompliseerd. Deurlopende arbeid op Sondag bring die doel van die Sondag in gedrang en moet afgewys word. Noodsaaklike arbeid wat nie vermy kan word nie, soos produksieskofwerk en mediese dienste behoort tot die minimum beperk te word.
- 'n Beroep en opleiding daartoe behoort met omsigtigheid gekies te word. Die talente wat die Here gee (Eksodus 31:1-11; 1 Konings 7:14; Matteus 25:15), spesifieke nood en behoeftes plaaslik en in die wêreld asook arbeidsmarkgeleenthede behoort in ag geneem te word. Dit spreek vanself dat die gelowige net aktiwiteite behoort te verrig wat God se koninkryk dien (1 Korintiërs 6:19; Romeine 12:1; Romeine 14:8).

- Werk moet met getrouheid en toewyding verrig word, want oor die rentmeesterskap moet aan God verantwoording gedoen word (Matteus 25:19; Lukas 16:2 en 10). Verder word traagheid en luiheid deur die Here veroordeel (Spreuke 18:9; Spreuke 6:6-11).

Samevattende opmerkings vir 'n gereformeerde lewenswandel

Waar ons binne 'n sekulêre wêreld lewe met verskeie sienings oor werk, is dit nodig om in die lig van God se Woord vir onself rekenskap te gee. Werk is deel van God se kultuuroopdrag aan die mens. As gelowiges moet ons dit doen in gehoorsaamheid soos God dit in sy Woord aandui. Ons moet dit verrig ooreenkomstig die talente, gawes en roeping wat die Here gee. Hoewel 'n samelewing statusrangorde aan werke koppel, is een tipe werk in wese nie meer verhewe as die ander nie (Luther, Calvin). 'n Balans is nodig tussen 'n mens se werk, ander verantwoordelikhede en rus, anders ly die diens van die Here, die huwelik en gesin, die eie gesondheid, asook die wyer samelewing skade. Vir ons werk moet die riglyn in 1 Korintiërs 10:31 ook geld: 'Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God'.

Enkele bronne

- Calvyn, J. *Institusie van die Christelike Godsdienst* (Deel 3; Hfst 10). Calvyn Jubileum Boekefonds, Potchefstroom. 1988.
- De Bruyn, PJ. *Die Tien Gebooie*. Varia Uitgewers, Midrand. 1993.
- Duvenage, B. *Roeping en Wetenskap* (103/86). PU vir CHO, Potchefstroom. 1986.
- Heyns, JA. *Teologiese Etiek* (Deel 2/1). NG Kerkboekhandel, Pretoria. 1986.

Om Christus in die rede te val

Eenheid is nie 'n welsynswoord nie. Dit is een van die groot denkfoute van ons tyd oor die kerk: dat eenheid oor die wel-syn, oor die wel-wese van die kerk gaan. Dit sou beteken dat dit net nog beter met die kerk gaan as daar eenheid is. Nie dat eenheid tot die wese van die kerk behoort nie, dat daar sonder eenheid geen ware kerk is nie.

Tog is ons Here Jesus Christus se hoëpriesterlike gebed so duidelik hieroor. Drie keer bid Christus dat die kerk een moet wees:

- 'Heilige Vader, bewaar in U Naam die wat U my gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons' (Johannes 17:11).
- 'Maar Ek bid ... ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo – dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U my gestuur het' (Johannes 17:21).
- 'En Ek het hulle die heerlijkheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is' (Johannes 17:22).

Die ryk en ryksgebed is 'n verhoorde gebed. Geen mens, ook beslis nie die kerkmens, het die reg om die gebed 'n kruiswoord te maak nie. Een keer het Jesus Christus se gebedswoord onverhoord tussen hemel en aarde bly hang, toe Hy uitgeroep het: My God, my God, waarom het U my verlaat? Daar, alleen daar, is die Seun deur die Vader verlaat, sodat die kerk nooit deur die Vader verlaat sou word nie – en daarom nooit mekaar mag verlaat, die eenheid mag verskeur nie. Die liggaam van Christus kan nie skeur nie – 'n mens kan slegs los van die liggaam skeur.

Ons Here Christus se gebed handel oor heerlijkheid, eenheid

met betrekking tot sy amp as die Gestuurde, die Messias. Christus se gebed tot sy Vader oor die eenheid van sy kerk is verhoor. Christus het die sondige verwydering tussen God en uitverkore mens self verwyder. Christus breek ook die middelmuur van skeiding tussen kerkmense af (Efesiërs 2). Wie aan God behoort, behoort aan die kerk, behoort daarom ook aan en by mekaar. Hierdie lewenseenheid is alleen as gevolg van Jesus Christus wat die Hoof van die kerk is. Deur sy Heilige Gees verbind Hy die kerk aan Homself en aan mekaar.

Verbondseenheid

Daardie verbondsverbinding moet bewaar word. Die mens self kan geen eenheid bewerk nie. So 'n eenheid is 'n statebond – so 'n eenheid se afspraak is ruggespraak. Dit gaan oor kontrakte maak en nie oor verbond nie. God bewerk die verbondseenheid in die kerk. Die verbond is egter geen kontrak nie, want 'n kontrak maak voorsiening daarvoor dat albei partye die kontrak ooreenkoms moontlik sou kon oortree. By God se verbond is dit anders. Hy is die waarheid en kan nie lieg nie. By Hom bestaan die moontlikheid van verbondsontrou nie. Selfs by die verbondsluiting met Abraham (Genesis 15) maak God dit duidelik dat Hy die potensieële verbondsontrou van Abraham self uitdelg, deurdat Abraham nie saam met die Here deur die stukke diere beweeg nie, maar slegs God alleen. As Christus sy Vader bid: laat hulle een wees, soos Ek en U een is, dan is dit 'n verhoorde gebed in die oewer van die verbond.

Drie-een

Die eenheid, die drie-eenheid wat God met Homself het – met presies so 'n intieme band bind Christus sy kerk aan mekaar. Soos wat Ek en U een is, 'n eenheidsbinding beleef,

laat hulle – wat deur My versoening gered sal word, ook met dieselfde verbondsband die eenheidsbinding beleef.

Bid én werk is 'n lewenseuse by ons. Maar bid ons nie dalk vir die Here én werk teen die Here Jesus se gebed nie? Alles in een asem. Dit het hoog tyd geword dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika weer die gewetensvraag aanhoor: werk julle teen Christus se verhoorde gebed? Ook moet elkeen sy hand in eie boesem steek en vra: Is dit miskien ek Here? Die gebed van die Here leer ons 'n paar dinge oor kerkeenheid.

- Kerkeenheid is nie net struktureel nie. Om die kerkverband op papier te wil handhaaf terwyl die harte nie meer aan mekaar behoort nie, is geestelike hoerery. Dit is om van bed en tafel geskei te wees onder die voorwendsel van papierlike huwelikstrou.
- Kerkeenheid is nie misties nie. Om die kerkverband, die formele ooreengekome eenheidsafpraak in leer, diens en tug af te gee, onder leiding van die dwaallig dat ons maar van mekaar mag verskil solank ons oor die wesenlike dinge saamstem, is om die minste te sê, direk teen die uitspraak van die evangelie. Christus gee sy kerk nêrens toestemming om van mekaar te verskil terwyl hulle almal nog steeds aan Hom verbind bly nie. Hy sê ons moet een van sin en een van gees wees.
- Gesprek oor kerkeenheid, of dan oor gebrek aan en afwesigheid van kerkeenheid, mag nie 'n skyngesprek wees nie. Dit vind ons deesdae dikwels: om te praat, maar met die bedoeling om mekaar juis nie te vind nie; om gesprek te voer, nie om die eenheid te bewaar nie, maar om kerkmoord te beplan en uit te voer. Waar is die eerlike, opregte

soeke om die eenheid te bewaar? Die woorde met mekaar is kil, kortaf, koelbloedig. Wil ons mekaar vind oor die wyse van nagmaalviering, oor die singende Christus in die erediens (om digterlik te sing wat die Messias, die seun van die mens sy broeders leer sing), oor dié man in sy amp as Middelaar?

- Wil ons regtig weer hoor hoe Christus vir ons bid? Vader laat hulle een wees soos Ek en U. Was daar al ooit die afgelope tyd die gesindheid dat die gesprekke met mekaar die eenheidsband van die drie-eenheid moet dra? Nee, daar was nie. Die rede is dat wesentlike-sake van 'middelmatige-sake' onderskei word. As Christus bid: laat hulle een wees, soos Hy met ons Vader een is, bedoel Hy om net oor wesentlike sake, of ook oor middelmatige sake te bid? As daar so iets is soos middelmatige sake. As Christus die eenheid van die kerk bind aan die belydenis oor die drie-eenheid, wie is ons om subjektief te sê: dit en dat is vir God nie belangrik nie, ons moet nie daarvoor stry nie en elke kerkraad kan rigterlik maak soos hy goed vind? God se Seun bid dat ons nie met mekaar sal en mag verskil nie, anders tas ons die belydenis oor die drie-eenheid aan – 'n wesentlike saak as daar nou ooit een was! Hoe durf ons Christus se eenheidsgebed 'n welsynvoetnoot maak? Ons

mag nie verskil nie, want God die Vader, Seun en Heilige Gees, die drie is een. Hy praat en bid nie uit twee monde nie. Sy Woord is een. Hy het nie 'n klomp liggame nie, want sy kerk is een.

- Wat is middelmatig aan die eenheid van die kerk? Of het ons soos Kaïn alreeds moord in die erediens bedink, om mekaar te vermoor deur mekaar los te laat en los te laat loop? Gesprek oor kerkeenheid kan net loop deur die verhoorde gebed van die Messias. Moet dan nie sê: jou interpretasie verskil van myne nie, want ons glo nie aan 'n geïnterpreteerde Christus nie. Ons glo nie aan 'n Christus wat Homself – met voetnote – terug interpreteer in Ou Testamentiese tekste nie, maar aan Christus wat Homself en sy Vader verklaar in die Woord, die ou en nuwe verbond, ook singend. Die biddende Christus is ook 'n singende Christus.
- Die een wat iemand anders, wat ook aan Christus behoort, oorgegee het om nie meer eenheid met hom te soek nie, het reeds moord gepleeg. Dit is Raka met die tempellier. Raka is om te sê: gaan weg en bly sommer weg van my af, melaatse. Kyk, ek gee jou jou skeibrief. Ons kan nog, soos ou geskeides vriende wees en vriendelik wees. Jy in jou klein nagmaalshoekie, en ek in mijn. Dié een wat met mistiek die saak wil oplos deur te beweer:

al verskil ons nou 'is ons tog in Christus een' – nie wonderbaarlik gehoorsaam nie, maar misties, pasifisties, ongehoorsaam, skynbaar skyn-heilig een, dié een het ook reeds verbondsbreuk gepleeg. Hierdie egbreuk, hierdie veelwywery, word huwelikstrou genoem. Hierdie saamblyery met die verbondsbreuk as dwaling word geprys, in die Naam van God, asof dit deel van sy skeppingsveelheid en -verskeidenheid is. Buitendien, watter arrogansie is dit om skeppingsverskeidenheid te verwar met sondige kerklike verdeeldheid – en dan om God nog daarvoor te loof dat Hy die verskille goedpraat as Skepper.

- Ons wil eersdaags feeshou. Ons weet miskien waarom, maar weet ons waaroor, en waar rondom? 'n Formele 150-jarige eenheidsfees rondom 'n biddende Christus. Watter soort fees kan daarteenoor ons statebond fees wees – 'n skynfees omdat ons eens met mekaar een was? Moet dit nie eerder 'n roudag, 'n dag van verootmoediging wees waar die geskeide familie van die bruid en die Bruidegom mekaar in eenheid opsoek nie?
- Nooit mag ons 'n sondige verdeeldheid in die kerk, nooit mag ons verbondsverbreking, kerklike gebedsweerspreking, nooit mag ons dít, ons sonde, 'n skeppingsdeug maak nie.

Koninkryk

GM Spyker, J de Jager, F van der Linde, C van Dijk, Australië

Free Reformed Churches of Australia

Dit is opvallend hoeveel Suid-Afrikaanse gesinne na Australië verhuis, op soek na 'n beter toekoms vir hulleself, asook hulle kinders. Baie van die mense wat in Australië aankom, is onseker oor waar hulle die nodige geestelike tuiste sal vind.

Derhalwe het hierdie artikel vir ons 'n prioriteit geword. Drie van die vier ondergetekendes het hulle oorsprong in Suid-Afrika en almal het gevoel dat dit gepas sou wees om die bestaan van die Free Reformed Churches of Australia op hierdie wyse bekend te stel. Dit

is belangrik dat ons fokus op ons Hemelse Vader, wat in sy groot genade die gemeentes in Australië gestig en gevestig het en steeds daaglik versorg.

Met hierdie skrywe wil ons nie emigrasie na Australië aanmoedig

nie, maar slegs diegene wat reeds die besluit geneem het om hierheen te verhuis, die versekering en gemoedsrus gee dat ons Hemelse Vader ook hier kerke gevestig het wat volgens sy Woord wil lewe en Hom wil dien.

Die Free Reformed Churches of Australia se fondasie is God se Woord. Ons glo dat God se Woord geen gelyke het nie en absoluut betroubaar en onfeilbaar is. Hierdie Woord verteenwoordig die basis van die geloof en lewe in ons kerke. Hierdie Woord dien verder as basis vir alle gesag binne in ons kerke.

Ons streef daarna om God se gebooi te onderhou en elke dag in afhanklikheid en groot dankbaarheid tot Hom te lewe.

Die Bybelse waarhede is opgesom en baie duidelik beskryf in die Ekumeniese Belydenisskrifte en die Drie Formuliere van Eenheid. Ons glo dat die drie belydenisskrifte naamlik Die

Apostoliese Geloofsbelydenis, Die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Atanasius waar is en akkurate opsommings van die Woord is. Die Drie Formuliere van Eenheid – die Heidelbergse Kategismus, Dordtse Leerreëls en die Nederlandse Geloofsbelydenis – is 'n opsomming van wat ons glo en is ten volle gebaseer op God se Woord.

Die Free Reformed Churches of Australia (FRCA) het susterkerk verwantskappe met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (VGKSA), die Gereformeerde Kerke (Vrijgemaakt) in Nederland en die Canadian en American Reformed Churches.

In die vyftigerjare het baie gemeentelede van die Gereformeerde Kerke (Vrijgemaakt) in Nederland na Australië geëmigreer. Sodoende is die Free Reformed Churches of Australia gevestig. In Wes-Australië, met Perth as die hoofstad, is daar tien

FRCA gemeentes, met twee FRCA gemeentes in Tasmanië.

Ons hoop om in toekomstige uitgawes van *Waarheid en Dwaling* meer inligting aangaande die gemeentes en die lidmate aan u deur te gee. Ons wil fokus op die kerklike lewe binne die gemeentes, die Free Reformed School – John Calvin Christian College, die versorgingseenhede vir ons bejaardes en gestremdes, asook sportaktiwiteite in die gemeenskap.

Die FRCA het onlangs, met groot vreugde, 'n gesin van die Gereformeerde Kerke Suid-Afrika (GKSA) in een van hulle gemeentes opgeneem. Die FRCA wil graag lidmate van die GKSA aanmoedig om met ons kontak te maak, sodra hulle gereed is om na Australië te verhuis.

Maak gerus kontak deur 'n e-pos te stuur aan gmspyker@iinet.net.au of besoek die webwerf, www.frca.org.au.

Persskou

Dr GJ Meijer, Wonderboompoort

Die wettiging van gay-huwelike het die afgelope tyd tot 'n stortvloed van briewe en artikels in tydskrifte en koerante aanleiding gegee. Ook oor die radio en televisie is daar menige gesprek oor dié saak gevoer. Van verskeie kante is sake beredeneer en uitgepluis

– plek-plek tot vervelens toe. Party argumente is skoon holrug gery. Ander het nuut op die oor geval. Met hierdie *Persskou* word gepoog om 'n oorsig oor verskillende van die argumente te gee.

Die praktyk praat

In *By*, die bylae by die dagblad *Beeld* van 2 Desember 2006, skryf dr Frits Gaum oor sy 'inkeer' ten opsigte van die gay-debat. Dr Gaum was vir 'n lang tyd die redakteur van *Die Kerkbode*, die amptelike mondstuk van die NG Kerk. As redakteur het hy hoë aansien geniet, en is sy mening oor sake deurgaans ernstig opgeneem. Oor homoseksualisme het hy hom gedurende die tyd van sy redakteurskap onomwonde uitgespreek. Maar toe vind daar 'n ingrypende gebeurtenis in sy lewe plaas. Dit word bevind dat

sy predikant-seun, ds Laurie Gaum, homoseksueel is.

Dr Gaum skryf: ... op 'n dag het die gaykwessie tot by my gekom. En toe is ek daarmee gekonfronteer op 'n manier wat my nie toegelaat het om langer net maar teoreties saam met ander daarvoor te spekuleer nie. Ek moes self, met die praktyk daarvan in gedagte, daarmee stoei. En ek moes veral gaan luister na wat die Bybel daarvoor sê.

Die Here praat deur die Bybel met ons, glo ek. Ook in 2006. Maar die Here praat nie noodwendig in 2006

deur die Bybel soos in 1006 of in 106 nie. Die Bybel is in ander tye geskryf, in die eerste plek vir daardie tye se mense, en ons moet dit as 't ware "dekodeer" om dit in vandag se omstandighede te verstaan en vir vandag toe te pas.

As die Bybel die hef van rente aan volksgenote verbied (Deut. 23:19) moet ek in gedagte hou dat rentebeheer soos ons dit vandag ken, nie in die tyd van die Bybel bestaan het nie, en dat die hef van rente destyds dikwels op die uitbuiting van armes neergekom

het. Daarom is die blywende kern, die gedekodeerde boodskap van die verbod op renteheffing, 'n verbod op die uitbuiting van armes. Vandag nog, soos duisende jare gelede toe daardie deel van die Bybel geskryf is.

Wat is die kernboodskap van die Bybel as geheel vir ons vandag? 'n Mens sal 'n lang antwoord kan gee, of 'n korte. Die korte sou insluit: Dat daar 'n God is. Dat Hy (of Sy) ons gemaak het. Dat Hy ons liefhet. Dat Hy sy liefde bewys het deur Jesus Christus te stuur om ons uit ons ellende en van die dood te red. Dat ons Hom bo alles en met ons alles moet liefhê. Dat ons mekaar moet liefhê soos ons onself liefhet.

Om God bo alles en met ons alles lief te hê is nie danig maklik nie. Ons moet bid dat Hy ons daarmee sal help. Wat Hy ook doen. En om mekaar lief te hê soos ons onself liefhet, is ewe moeilik, en Hy moet ons ook daarmee help. Dit beteken onder meer dat ons onself in die ander persoon (ons "naaste", dié ou wat ons nodig het) se skoene sal probeer plaas, deur sy of haar oë na die wêreld sal probeer kyk, en dan ons hande sal uitsteek en hom of haar probeer help! Liefde (en daarmee saam geregtigheid) is dus die groot Bybelboodskap. Vir alle tye. En vir alle mense: geel mense, wit mense, swart mense, bruin mense, gay mense.

Natuurlik het ek my in my Bybellees ook vasgeloop teen die sogenaamde "anti-gay-tekste". Wat ek myself elke keer afgevra het, was of daardie Bybelgedeeltes werklik die verwerping van homoseksualiteit, soos ons dit vandag ken, as kernboodskap het, en of dit eintlik oor ander sake gaan, soos die verwerping van afgodery en promiskuiteit.

En hoe meer ons van homoseksualiteit as verskynsel leer verstaan – en die moderne wetenskap maak in hierdie verband vordering, hoewel daar nog onduidelikhede is – hoe minder lyk dit of Bybelskrywers soos Paulus iets

soos aangebore homoseksualiteit geken het of hulle daaroor uitgespreek het. Hulle het dit teen allerlei promiskue uitwasse gehad. Oor 'n lewenslange homoseksuele verbintenis "in liefde en trou" het die Bybelskrywers nie oordele uitgespreek nie. So iets kom nie in die Bybel ter sprake nie.

Daar is inderdaad baie dinge waaroor die Bybel hom nie klinkklaar uitspreek nie. Wat "sê" die Bybel oor kunsmatige bevrugting van mense? Oor kloning van mense? Oor voorbehoedmiddels? Oor kernwapens? Hierdie eietydse dinge kom vanselfsprekend nie as sodanig ter sprake nie en die Bybel gee dus nie vir ons handboekantwoorde nie. Maar die Bybel dui vir ons die rigting aan waarin ons as Christene moet dink, en liefde en geregtigheid is van die belangrikste koerswysers.

Ek het die afgelope tyd agtergekom hoe diep verdeeld Christene onder mekaar oor die gaykwessie is. Veral het ek agtergekom hoe diep baie van die dinge wat gesê word, gay Christene seer maak. Staan 'n bietjie in hulle skoene, kyk deur hulle oë. In 'n gruwelike brief in die koerant het iemand geskryf dat die NG Kerk nou blykbaar 'n gay-kerk gaan word, en dan wil die briefskrywer heeltemal niks met dié kerk te doen hê nie.

Gelukkig was daar ook 'n antwoordbrief: as die NG Kerk maar 'n gay-kerk, 'n kerk vir verstotenes en uitgeskoptes en sukkelaars en soekers – 'n kerk vir doodgewone mense – wil word, dan sal die NG Kerk regtig kerk van Jesus Christus wees!

Dr Gaum se omgang met die Skrif en die praktyk verstom 'n mens – om dit sagkens te stel. Aanvanklik het hy oor die verstaan van die Skrif geteoretiseer. Maar toe die praktyk van homoseksualiteit hom tref, verander sake handomkeer. 'n Mens sou dit pragmatiese Skrifhantering kon noem. Die praktyk bepaal jou verstaan van

die Bybel. Inderwaarheid sny dit baie dieper. Dr Gaum kom sterk daarvoor uit dat die Here in 2006 anders deur die Bybel praat as in die jare 1006 of 106. Daar is volgens hom 'n sleutel wat toegang tot die kode van die Skrif gee. Hy noem dit 'n dekodeerder. Sonder daardie dekodeerder is die kode van die Skrif onverstaanbaar.

Dié idee het dr Gaum nie self uitgedink nie. Daarmee volg hy op die voetspoor van die Duitse teoloog, Rudolf Bultmann (1884-1967). Bultmann het met sy 'ontmitologiseringsprogram' vorendag gekom om die Bybel vir die 'moderne mens' verstaanbaar te maak. Die eintlike waarheid is volgens Bultmann in ou Joodse en Griekse mites verpak. Die verpakkingsmateriaal moet afgehaal word om by die eintlike inhoud van die Skrif uit te kom. Dit is nodeloos om te sê dat die reëls vir die afhaal van die verpakking deur Bultmann self bepaal word. Die mens besluit wat is kernsake in die Bybel, en wat is alleen maar verpakkingsmateriaal wat geen waarde het nie. Bultmann se 'ontmitologiseringsprogram' is inderwaarheid 'n blatante vorm van Skrifkritiek.

Wat Bultmann 'ontmitologisering' noem, noem dr Gaum 'dekodering'. Gaum se dekodering bring hom by enkele 'kernwaarhede' in die Skrif: dat daar 'n God is (manlik of vroulik – wat maak dit in elk geval saak?), dat liefde die een en die al is, en dat die Skrif eintlik niks oor homoseksualisme bekend maak nie. Liefde vir God beteken nie om sy gebod te bewaar nie; 1 Johannes 5:2-3 is klaarblyklik slegs verpakkingsmateriaal. Liefde vir God is om in jou naaste se skoene te staan en te dink hoe hy oor sake voel.

Wat laasgenoemde betref is die opmerking van 'n briefskrywer (Beeld, 5 Desember 2006) pynlik akkuraat in die kol: 'as dr Gaum se seun moord pleeg, gaan dit dan ook reg wees?'

Die Skrif swyg

In die rubriek Godsdienst-Aktueel (Beeld, 4 Desember 2006) gee dr Pieter Craffert, uitgesproke voorstaander van die Nuwe Hervorming, sy siening oor die moontlikheid van gay-huwelike weer. Onder die opskrif 'Wat sê die Bybel oor die huwelik?' merk hy op:

... volgens sommige skryf die Bybel slegs een siening van die huwelik voor: 'n Monogame verbintenis tussen 'n man en 'n vrou. Ek self is ten gunste van hierdie sinvolle huweliks- en gesinslewe, maar met die wete dat ons inkleding daarvan nie net so in die Bybel gevind kan word nie en dat dit nie die enigste soort "Bybelse" huwelik was nie.

Die Ou Testament het geen enkele woord vir "huwelik" gehad nie. Dit het plaasgevind wanneer 'n man 'n vrou "geneem" of 'n pa sy dogter aan 'n man "gegee" het. Die vrou het geen sê gehad nie en was ten beste deel van die man se besittings. Dat die huwelik 'n ooreenkoms en transaksie tussen families was, word bevestig deur die feit dat 'n vrou dikwels deur iemand anders, selfs 'n slaaf in die geval van Isak, uitgesoek is.

Een van die funksies van die huwelik was om die familie-eiendom wat aan die eersgebore seun nagelaat word, te beskerm. Die voorkeur dat 'n vrou uit die eie familiekring kom (endogame huwelike), word bevestig deur die voorbeelde van eksogame huwelike waar 'n vrou vir politieke oorwegings uit 'n ander stam of volk gekies is, soos in die geval van Dawid en Salomo.

Die belangrikste funksie van die huwelik was sekerlik voortplanting. Dit word in die skeppingsverhaal vasgelê en is ook een van die redes waarom 'n man van sy vrou kon skei: Sy het nie vir hom 'n nageslag gegee nie. Indien Genesis 1 en 2 as grondwet vir die Christelike huwelik afgedwing wil word, moet bejaarde mense wat nie meer kinders kan voortbring nie, nie getrou word nie. Dit word nêrens beter geïllustreer as met die sogenaamde

leviraatshuwelik nie. As 'n man sterf sonder 'n (manlike) nasaat, moes sy vrou met haar swaer trou om so 'n nasaat te waarborg en die erflating te behou. In die praktyk kon selfs die skoonpa (in die geval van Tamar) of 'n veraf familielid (in die geval van Rut) die plig nakom.

Hierdie praktyk het tot in die Nuwe Testament voortgeduur, soos aangedui deur die vraag aan Jesus oor die kinderlose vrou wat met sewe broers getroud was. Eerder as om die praktyk te veroordeel, wys Jesus daarop dat daar in die hemel geen huwelike sal wees nie. Die min verwysings oor die huwelik deur Jesus dui daarop dat Hy waarskynlik die praktyke van sy tyd aanvaar het.

'n Opvallende kenmerk van die Bybelse tradisies oor die huwelik is dat die meeste geloofshelde (soos Abraham, Isak en Jakob, asook koning Dawid) meer as een vrou gehad het (poligamie). Hier het die huwelik 'n propagandafunksie, want meervoudige huwelike was 'n simbool van die koning (en sy ryk) se viriliteit.

Nêrens in die Bybel vind mens 'n uitgebreide standpunt oor "die huwelik" nie. Die meeste opmerkinge daarvoor is terloops en insidenteel, soos Paulus wat beklemtoon (vier maal) dat Christene eerder nie moet trou nie.

Hierdie kort oorsig wys op 'n paar interessantheide:

- Die Bybel bevat geen direkte aanwysings oor presies wat die huwelik is of behoort te wees nie. Alle inligting daarvoor moet uit terloopse opmerkings of praktyke afgelei word.
- Selfs wetlik vasgelegde gebruike (soos die leviraatshuwelik) is in die praktyk onder veranderde omstandighede aangepas.
- Van 'n vooraf verhouding en gelyke vennootskap tussen huweliksgenote was daar nie sprake nie.
- In teenstelling met die fundamentalistiese voorkeur van God se selfaangestelde spreekbuise

vir slegs een voorstelling van die huwelik asof dit God se siening is, bevat die Bybel 'n verskeidenheid sieninge en praktyke daarvoor.

Daar was nie net een vorm van "die huwelik" in die Bybel nie. Albei die moderne monogame huwelik tussen 'n man en 'n vrou en Bybelse huwelike is by eietydse kontekste aangepas.

Niemand van ons dink vandag meer dat 'n vrou slegs 'n besitting is, of dat 'n man sy skoonsuster as tweede vrou moet neem, indien sy broer kinderloos sou sterf nie.

Is dit daarom nie gepas dat in die lig van sosiale veranderinge, gelowiges ook gay-huwelike sien as 'n outentieke uitdrukking van God se bedoeling met intieme verhoudings nie?

Binne die bestek van 'n Persskou is dit onmoontlik om op al die besonderhede van die artikel in te gaan. Wat wel opvallend is, is die totale gebrek aan heilshistoriese verstaan en uitleg van die Skrif, veral wat die leviraatshuwelik betref en die wyse waarop Abraham 'n vrou vir sy seun Isak soek. Dit daar gelaat.

Dr Craffert werk op 'n ander spoor as dr Gaum. Dit waaroor die Here duidelike uitsprake in sy Woord maak, word sonder om te blik of te bloos in sy teendeel omgekeer. Volgens dr Craffert swyg die Skrif oor die huwelik. Hy verwys wel na die grondwet van die huwelik in Genesis 1 en 2. Ongelukkig verwys hy daarna deur dit met 'n bepaalde voorbeeld van sy keuse bespotlik voor te stel. Hy vergeet egter dat Christus na dié grondwet verwys as Hy die volk Israel oor huwelik en egskeiding onderrig (Matteus 19:1-12). Hy vergeet ook dat Paulus die grondwet in Efesiërs 5 aanhaal en die lewe van man en vrou binne die huwelik in die lig van God se grondwet beskryf.

Dit is wel so dat dr Craffert persoonlik ten gunste van 'n huwelik tussen 'n man en 'n vrou is. Hy motiveer nie sy persoonlike voorkeur nie. Desnieteenstaande

bepleit hy dat gelowiges ook gay-huwelike kan sien as 'n outentieke uitdrukking van God se bedoeling met intieme verhoudings. Ook al druis dit lynreg teen God se uitgesproke grondwet vir die huwelik in, spreek hy hom oor

God se bedoeling met intieme verhoudings uit. Wat dit betref mag die waarskuwing van 2 Tessalonisense 2 nie by ons verbygaan nie: 'Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en

die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is'.

Die mens praat harder

Prof Julian Müller is 'n ander NG Kerk teoloog wat hom luidkeels in die gay-debat begewe. In *By*, die bylae by die dagblad *Beeld* van 18 November 2006, skryf hy:

Die verskynsel van homoseksualiteit is nie net al eeue lank deel van ons beskawing nie, dit word ook al dekades lank erken en toegelaat. Studies het keer op keer getoon dat homoseksualiteit nié toeneem vanweë 'n verdraagsamer gesindheid in 'n bepaalde gemeenskap nie. Dit bly maar iewers tussen 6% en 10% van die bevolking. Ek dink mense is verniet bang. Dit is soos in die apartheidsdae toe ons gedink het ons kan 'n leliewit-huwelik beskerm met 'n ontugwet en 'n wet op gemengde huwelike. Al wat ons daardeur reggekry het, was om baie mense ontsettend seer te maak en verder te vervreem van die waardes wat ons kamtig wou beskerm. Ons moet ook erken dat ons ernstig gefouteer het deur te dink dat 'n mens iets wat goed is, kan beskerm deur onreg te pleeg. Vandag is dit weer presies dieselfde soort situasie.

Daar is mense wat dink hulle moet die huwelik beskerm deur dit eksklusief te reserveer vir sommige wat aan die vereistes voldoen. Al het die kerk nog nie klaar gedink en sy standpunt oor elke aspek van homoseksualiteit finaal geformuleer nie, moet ons tog soos die Here Jesus ons skaar by dié wat deur die huidige samelewingstrukture en wette verontreg en misken word. Op watter wyse die vaste verbintnisse buite die huidige huwelikstruktuur georden en beskerm moet word, is 'n saak wat oop is vir debat. Maar ons moet ons as Christelike kerk skaar aan die kant van dié wat tans nie die beskerming geniet waarop hulle geregtig is nie.

Die huwelik is in elk geval geen "paradys"-verskynsel nie. Dit is net soos alle menslike instellings aan die gebrokenheid van die mens en die wêreld onderworpe. Daar is 'n groot verskeidenheid huwelikservaringe – goed en sleg. My persoonlike ervaring is baie positief, en ek wil ook soos ander skrywers vir die huwelik 'n lansie breek. Die werklikheid is egter dat daar baie ander is vir wie die huwelik glad nie 'n positiewe ervaring is nie – nie as huweliksmaats nie en ook nie as kinders in ongelukkige huise nie. ... Ons leef nie in die paradys nie en daarom is 'n huweliksformulier en 'n huwelikswet en 'n huweliksteologie wat net op 'n paradysmodel geskoei is, nie net onrealisties nie, maar ten diepste ook liefdeloos.

Ons moet Genesis 1 en 2 ruimer lees. Dit is beslis geen "huweliksformulier" wat uit die hemel geval het nie. Dit is na alle waarskynlikheid verhale wat selfs so laat as in die Hellenistiese tyd (ongeveer 3 eeue voor Christus) ontstaan het, waardeur die Israëliete getuig het van wat hulle glo oor hul skepping en hul verantwoordelikheid teenoor mekaar en die omgewing. Ons vind nie daar voorskrifte vir hoe elke verhouding gereël moet word nie. As dit die geval was, sou elke man "sy pa en ma" moes verlaat. Dit sou sonde wees om dit nié te doen nie en om alleen en ongetroud deur die lewe te gaan! Dit sou ook geheel en al onaantoonbaar wees om kinderloos deur die wêreld te gaan.

Ons moet ook aanvaar dat die "huwelik" waaroor dit in Genesis gaan, nie met ons huidige konsep van die huwelik ooreenstem nie. Daar, en trouens in die hele res van Genesis, gaan dit tog oor gereëldes familiehewelike, waarin ons huidige

weerstand teen poligamie en huwelike met familieledes nie gegeld het nie. Daar is tog ook 'n meer bevrydende en minder dwingende manier om met so 'n teksgedeelte om te gaan. Ten diepste vind ons daarin nie voorskrifte nie, maar belydenisse oor wesenlike waardes. Daarin ontdek ons God wat mense na sy beeld maak en hulle as sy verteenwoordigers aanstel. 'n God wat dit nie goed vind dat die mens alleen is nie (Gen. 2:18) en 'n God wat die skepping só inrig dat mense in medemenslike verhoudings kan staan. Die mens ontvang 'n "helper" (Gen. 2:20). En let daarop dat daardie woord in die oorspronklike Hebreeus in die manlik staan!

Dit laat 'n mens besef dat alles in dié teks nie so letterlik en voorskriftelik opgeneem moet word nie. Dit gaan nie maar net om 'n seksuele metgesel nie, maar 'n medemens wat jou kan help sodat jy nie 'n alleenpad hoef te stap nie.

Ons weet vandag dat in baie gay-verhoudings die maat, net soos in heteroseksuele verhoudings, presies daardie rol vervul. Vir sulke gelowiges word hul verhouding 'n manier waarop God voorsien in hul grootste behoefte, naamlik aan medemenslikheid en intimiteit. In hul verhouding ervaar hulle God as die genadige God – soos wat ons God in Genesis en die res van die Bybel leer ken. Ons mag nie die Bybel deur sulke nou lense lees dat dit ons weerhou om saam met alle gelowiges, homo- of heteroseksueel, die grootheid van God se liefde en die wydheid van sy genade daarin te ontdek nie.

Prof Müller sien dit as die taak van die kerk om haar te skaar by die mense in die samelewing

wat aan die onkant van die reg sit; die 'verontregtes'. Op die eerste gesig lyk dit edel. Uiteraard sal uitgemaak moet word wie die verontregtes is. Hoe word verontregting bepaal?

Diegene wat met Gods Woord erns maak, het geen twyfel nie dat reg en verkeerd deur die Here bepaal word. Maar dan moet 'n mens daadwerklik en met gepaste eerbied erns met God en sy Woord maak. Dan baat dit nie om by voorbaat te aanvaar dat Genesis 'n boek is wat ongeveer drie eeue voor Christus op skrif gestel is nie. Op watter feite rus dié aanname? Wat wil die professor daarmee sê?

Dit baat nog minder om 'n dowwe skoot in die lug te skiet asof die huwelik geen paradysverskynsel is nie. Hierbo is reeds aangetoon hoe Christus en Paulus met die grondwet van Genesis 2 werk. Vir prof Müller is dit oënskynlik nie van belang nie. Die mens praat dus harder as die Skrif. Die mens se siening van huwelik en die instelling daarvan weeg – so lyk dit – swaarder as wat God, die Insteller van die huwelik, se Woord weeg.

Die opmerking dat in Genesis 2:18 die manlike vorm vir 'hulp' gebruik word, en nie die vroulike vorm nie, is 'n onbenullige kragtoertjie wat geensins op behoorlike eksegeese

dui nie. Met 'hulp' in Genesis 2:18 word immers nie in die eerste plek na die geslag van 'n spesifieke persoon (in hierdie geval Mannin) verwys nie, maar na die posisie en taak wat die persoon vervul. In Genesis 2:22 word dit onmiddellik duidelik dat die hulp wat by Adam pas, 'n vrou is – beslis geen man nie. Die naam wat sy ontvang is 'n eg vroulike naam: Mannin, want sy is uit die Man geneem.

Onbewese aannames en oogverblindende kragtoertjies help die kinders van God nie om in gehoorsaamheid aan die Here te groei nie. Intendeel, dit skep slegs verwarring.

Ander taal uit die NG Kerk

Nie almal in die NG Kerk deel die gedagtegang van dr Ben du Toit, dr Frits Gaum of prof Julian Müller nie. In 'n Seepkis-artikel (*Beeld*, 27 Oktober 2006) skryf prof Stephan Joubert onder die opskrif 'Ons durf nie nou God se huwelik prysgee':

Emosie-belaaide debatte oor eie-geslag-huwelike woed tans om elke hoek en draai. Só ook die vraag of die huwelik, soos ons dit tans ken, enigsins nog bestaansreg het. In dié gesprek behoort die stemme van wat ek die Christendom op voetsoolvlak wil noem, veel duideliker op die markpleine van Suid-Afrika gehoor te word. Nog meer, in 'n samelewing wat gebou word op die beginsels inherent aan ons nuwe Grondwet, moet die standpunte van die meerderheid van die Christendom ook veel sterker in ag geneem word. Vir individue en gemeenskappe wie se waardes steeds gevorm word vanuit die Bybel, vertoon die huwelik deurgaans 'n eenvoudige, maar duidelike karakter. Die beste verwoorder van die wese van die Christelike huwelik is Jesus self.

In Markus 10 word sy siening van die huwelik onder die vergrootglas

geplaas te midde van 'n debat oor egskeiding. In besonder was die vraag onder godsdienstiges in daardie tyd of mans om enige rede van hul vroue mag skei. Konserwatiewe Skrifgeleerdes het gemeen owerspel aan die kant van 'n vrou is die enigste geldige rede vir egskeiding. Op hul beurt het verligte Skrifkenners geglo dat bykans enigiets wat 'n vrou doen wat haar man aanstoot gee, 'n geldige rede was om haar te los. As sy die kos verbrand het; as sy geweier het om die huis skoon te maak; as sy met los hare in die openbaar verskyn het – dit was volgens hulle alles genoeg redes vir egskeiding. Jesus was nie te vinde vir mensgemaakte skuiwergate om uit die huwelik te ontsnap nie. Moses se noodmaatreël ("as jy iets ongerymd in 'n vrou kry, dan kan jy skei") hoort volgens Hom nie tot God se oorspronklike plan vir die huwelik nie.

God se bloudruk vir die huwelik volgens Jesus is te vind in Genesis 2. Hiervolgens is die huwelik 'n lewenslange verbintenissen tussen man en vrou. Nog meer: die huwelik is 'n religieuse instelling; dis 'n permanente verbintenissen

van man en vrou aan mekaar in die teenwoordigheid van God. Volgens die Here se oorspronklike huweliksformulier in Genesis 2 word dié verhouding altyd gebou op onderlinge respek, deernis en liefde.

Tragiese statistieke oor egskeidingsyfers wat sowel eerste as tweede huwelike betref, saam met die huidige aandrag op eie-geslag-huwelike, plaas heelwat druk op die wese van die huwelik. Beteken dit dat die kerk die dwarslat skielik moet laat sak; dat standarde verlaag moet word om 'n ieder en elk ter wille te wees? Intendeel! Dis juis nou die tyd om af te draai na die Paradys en opnuut na God te luister. Hy het immers vandag nog die patentreg op die huwelik.

Wat van diegene wat nie die Here se opdragte vir die huwelik ken of nakom nie? Moet hulle summier afgeskryf word? Nee, asseblief nie! Mense met sagte harte moet juis langs hulle buk en hulle liefderyk bedien met water uit die Goeie Herder se beker. Maar ons durf nie in dié proses die huwelik, soos wat die Here dit op sy hemelse tekenbord ontwerp het, op 'n tweedehandse skinkbord prysgee nie.

Hof-lik is nog nie hoflik nie

Terwyl die debatte oor gay-huwelike die kerklike lewe beheers, het die gereg nie op hom laat wag nie. Op 24 November berig Philip de Bruin in *Beeld* dat die Hof die Departement van Justisie kap vanweë sy traagheid oor wette 'teen' gays.

Die departement van justisie se voetslepery om ongrondwetlike bepalings teen gays uit wette te verwyder "ondanks verklarings deur die konstitusionele hof dat 'n omvattende wet geskep moet word om gays te akkommodeer", het nou daartoe gelei dat die belastingbetaler miljoene rand aan regskoste moet opdok. Tien van die 11 regters van die konstitusionele hof het gister eenparig 'n kostebevel teen die minister van justisie uitgereik in 'n geding waarin die hof bevind het dat dit ongrondwetlik is om gay paartjies van die bepalings van die Wet op Intestate Erfreg uit te sluit.

Dié wet reël in art. 1(1) die verdeling van die boedel van iemand wat sonder 'n testament sterf. Mnr. Mark Gory het die hooggeregshof in Pretoria om 'n bevel gevra om art. 1(1) ongrondwetlik te verklaar omdat dit hom as outomatiese erfgenaam van mnr. Henry Brooks, sy lewensmaat, se boedel uitgesluit het. Die hooggeregshof het die bevel toegestaan, maar dit moes eers deur die konstitusionele hof bekragtig word. In dié verrigtinge het die tien regters gister uitspraak gelewer. Hulle het die hooggeregshof se bevel bekragtig en beveel dat ná die woord "gade" in art. 1(1) woorde wat betrekking het op paartjies van

dieselfde geslag, ingevoeg moet word.

Hulle het voorts bevind dat dit in die "finale instansie" die staat se skuld is dat art. 1(1) nog in sy "ongrondwetlike vorm" op die wetboek was. "Lede van die gay- en lesbiese gemeenskap moet aanhoudend die howe nader om wette wat hul regte aantas, ongrondwetlik te laat verklaar. In die lig van dié spesiale omstandighede vereis regverdigheid en gelykheid dat die minister mnr. Gory en mnr. Daniel Kolver (die eksekuteur wat Brooks se familie aangestel het) se regskoste in sowel die konstitusionele hof as die hooggeregshof moet betaal ...".

Prof. Marinus Wiechers, oudhoogleraar in strafreg aan Unisa, sê in reaksie met dié kostebevel het die hoogste hof in die land sy "duidelike misnoeë uitgespreek met die regering se traagheid om sy grondwetlike pligte in verband met gelykheid na te kom. Dit is welkom."

Die hof se toetrede tot die debat het tot 'n hewige geskarrel gelei. Teikendatums, waarvoor die parlement nuwe wetgewing in plek moes kry, is vasgestel. Wat merkwaardig is, is die gewig wat die land se grondwet, die hof en die parlement skielik in die hele saak gekry het. Met 'n beroep op die grondwet dwing die hof die parlement tot die goedkeuring van bepaalde wetgewing.

Dié gebeure, wat deur prof. Wiechers verwelkom word, moet

op die skaal van die Skrif geweeg word. Tot nou toe is daar kort-kort na die huweliks-grondwet in Genesis 1 en 2 verwys. In Suid-Afrika, wat sedert 1994 'n sekulêre regstaat is, geld egter 'n ander grondwet: die handves van menseregte. Die hof is die bedienaar van daardie handves. Uit die gebeure wat hierbo geskets word, blyk egter dat die hof meer as slegs bedienaar van die sekulêre grondwet is. Die hof kan die regering dwing om sekere wette op die wetboek te plaas.

In dié verband het 'n regsgeleerde onlangs oor die radio aangekondig dat niks as reg of verkeerd aanvaar kan word, alvorens die hof hom nie daarvoor uitgespreek het nie. Dit is 'n swaargewig stelling om te maak. Dit beteken dat Suid-Afrika 'n nuwe god het: die grondwet. Die grondwet-god op sy beurt het 'n dienskneg (eintlik 'n baas): die konstitusionele hof. In die naam van geregtigheid word die regering gedwing om God se grondwet te ignoreer en 'n nuwe wet uit te vaardig: die wet van gelykheid. Gays en lesbiërs moet gelyke huweliksvoorregte as heteroseksuele egpare geniet.

Weereens word ons met die waarskuwing van 2 Tessalonisense 2 gekonfronteer: 'die teëstander van God verhef hom bo al wat God genoem word ... hy sal voorgee dat hy God is'. Die krag waarmee die grondwetlike hof-afgod kan slaan moenie onderskat word nie. Al wat hof genoem word, is nog nie hoflik (welwillend, edel) nie.

Die stem van Potchefstroom

Op 12 Oktober berig Neels Jackson in *Beeld*:

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) het hom gister

gedistansieer van die voorlegging van die NG Kerk se parlementêre lessenaar oor gay-huwelike. Die GKSA, wat sedert begin vanjaar

met die parlementêre lessenaar saamwerk, wil nou in sy eie voorlegging standpunt inneem teen die wettiging van gay-verbintnisse.

Dr. Ben du Toit, parlementêre verteenwoordiger van die NG Kerk, vra in sy voorlegging aan die parlementêre komitee dat daar een wet moet wees wat op gelyke basis voorsiening maak vir alle kategorieë van huwelike en verbintenisse. Dit moet die Christelike huwelik erken, maar ook dié van Jode, Moslems, Hindoes, Afrika-godsdienste en dieselfde geslag-verhoudinge.

Omdat daar te min tyd oor is om die Huwelikswet heeltemal oor te skryf stel Du Toit voor dat die huidige huwelikswet as 'n tussentydse maatreël met enkele begripwysiginge aangepas word om volgens die konstitusionele hof se uitspraak voorsiening te maak vir gay-huwelike. Daarna moet die hele wet herskryf word. Die GKSA sê in sy standpunt dat homoseksuele gedrag volgens die Bybel teen die skeppingsorde is. Gays moet hul weerhou van homoseksuele gedrag.

Die kerk waarsku dat die wettiging van gay-huwelike die boodskap kan

uitstuur dat homoseksuele gedrag moreel aanvaarbaar is. Hulle is ook bekommerd dat dit kan lei daartoe dat gay pare kinders wetlik kan aanneem. Die GKSA sê gay mense moet dieselfde grondwetlike regte as ander mense geniet, maar omdat die huwelik 'n heteroseksuele instelling is, sluit dit egter nie die aangaan van 'n homoseksuele huwelik of verbintenis in nie.

Ds. Cassie Aucamp, woordvoerder van die GKSA se laaste nasionale sinode, het gister gesê die kerk se bron van gesag is die Bybel en die kerk moet die hof se uitspraak daaraan toets. Oor die verskil met die NG Kerk se parlementêre lessenaar, sê Aucamp die nasionale sinode se samewerking met die parlementêre lessenaar beteken nie dat die GKSA se naam net onder die NG Kerk se voorleggings bygevoeg word nie.

Sinode 2006 het, niesteenstaande besware wat daarteen uitgespreek is en word, besluit om met die

Parlementêre Lessenaar saam te werk sodat daar vir die kerke 'n 'oop kanaal na die regering' kan wees. Die vermeende oop kanaal is egter deur dr Ben du Toit geheel en al toegestop, aangesien sy siening oor die gay-huwelike fundamenteel in stryd is met wat die GKSA ten aansien van homoseksualisme al in 2003 by wyse van 'n sinodebesluit op grond van God se Woord uitgespreek het.

Intussen het daar 'n dilemma ontstaan, wat in bostaande berig prominent in die soeklig gestel word. Die 'Stem van Potchefstroom' is wesenlik anders as die 'Stem van die Parlementêre Lessenaar'. Tot hoe lank kan dit so voortduur? Is dit prinsipiëel verantwoordbaar om van 'n voertuig gebruik te maak, wat willens en wetens in 'n ander rigting beweeg as wat God se Woord ons gebied? Oor dié saak sal in kerklike vergaderinge nog ernstig besin moet word.

God se wet en die grondwet

Tydens die proses van die bespreking van die wysiging van die Huwelikswet (Wet No. 25 van 1961) het die GKSA se Deputate vir gesprek met die Owerheid 'n voorlegging aan die Portefeulje-Komitee van die Departement van Binnelandse Sake oor die reaksie op die Konsepwet vir Burgerlike Verbintenisse (*Civil Unions Bill*) gemaak. Die voorlegging en die bylae waarna verwys word, kan op die kerke se webwerf, www.gksa.org.za, bekom word. Die voorlegging lui soos volg:

Die deputate vir skakeling met die owerheid van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika wil graag die volgende standpunt aan u voorlê in verband met die voorgenome wettiging van homoseksuele huwelike. Die standpuntstelling word vergesel van 'n bylaag waarin 'n beredenering van Bybelse gegewens en regsfilosofiese gegewens vervat is.

Ons standpunt is soos volg:

- *Volgens die Skrif is homoseksuele gedrag teen die skeppingsorde (contra naturam). God het die heteroseksuele monogame huwelik ingestel as die ruimte waarbinne seksualiteit moet plaasvind. Daarom moet enige vorm van homoseksuele gedrag en dus ook die sogenaamde homoseksuele huwelik deur die Christelike etiek afgewys word. Persone met die homoseksuele oriëntering het die verantwoordelikheid om hulle te weerhou van homoseksuele gedrag net soos alle ander mense ten opsigte van hulle gebroke menslike natuur selfbeheersing moet beoefen.*
- *Vanweë die feit dat homoseksuele gedrag contra naturam is, kan die Christelike etiek en dus ook die kerk nie enige legitimiteit verleen aan 'n homoseksuele*

verhouding of 'n homoseksuele huwelik nie. Hierdie beskouing vorm die waardestelsel van die meerderheid van die Suid-Afrikaanse samelewing. Vanweë die feit dat 'n grondwet groei uit 'n bepaalde geskiedenis en die waardestelsel van die gemeenskap behoort te weerspieël, behoort die owerheid in Suid-Afrika daarom ook nie enige legitimiteit te verleen aan homoseksuele huwelike nie. Aangesien wetgewing ook 'n etiese waarde weerspieël en skep sal sodanige wetgewing die boodskap aan die Suid-Afrikaanse bevolking deurgee dat homoseksuele gedrag moreel aanvaarbaar is en normale gedrag is.

- *Dit is verder ons mening dat die wetlike herdefiniëring van die huwelik tot 'n verbintenis wat mense van dieselfde geslag kan insluit, verreikende gevolge vir ons samelewing kan hê. Dit sal beteken dat homoseksuele egpare*

ook kinders wetlik mag aanneem en grootmaak. Volgens ons kan 'n homoseksuele huwelik nie 'n ruimte bied waarin kinders natuurlik opgevoed kan word nie, aangesien studies reeds bewys het dat kinders leiding van ouers van beide geslagte nodig het. Sodanige herdefiniëring van die huwelik sal eerder tot verdere abnormaliteite in ons samelewing lei, wat reeds swaar getref word deur die verbrokkeling van familie- en gesinsnetwerke. Verder sal 'n herdefinisie van die huwelik beteken dat die staat die reg op seksuele oriëntasie ingevolg artikel 9 van die Grondwet ongekwalifiseerd handhaaf, sonder om enige grense vir die uitoefening van die reg te stel. Dit sal volgens ons ruimte laat vir die toekomstige wettiging van poligamiese huwelike en ander verbintenisse.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Dr GJ Meijer
Mev J de Wind
Ds HLJ Momberg
Dr AH Bogaards
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: gerardjmeijer@gmail.com
jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R140 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:
Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031

- Volgens die gedragswetenskappe is die homoseksuele oriëntering van kern- of egte homoseksueles nie veranderbaar nie. Hierdie oriëntasie is geleë in 'n bepaalde verlies in die ontwikkelingsfases gedurende die kinderjare. Die kerk behoort met Christelike liefde en pastorale deernis die persoon met 'n homoseksuele oriëntasie te begelei om hierdie verlies te verstaan en te verwerk. Die homoseksuele persoon het nie gekies om so 'n oriëntasie te hê nie, maar kan kies wat om daarmee te maak.
- Die gelowige persoon met 'n homoseksuele oriëntering, wat nie homoseksuele gedrag beoefen nie moet as volle lid van die kerk hanteer word en moet dieselfde regte as enige ander gelowige geniet. As landsburger moet die persoon met 'n homoseksuele oriëntasie alle regte van die grondwet geniet en mag daar op geen wyse teen so 'n persoon gediskrimineer word nie. Hierdie regte sluit egter nie die aangaan van 'n homoseksuele verhouding of huwelik in nie, omdat die huwelik 'n heteroseksuele verbintenis is. 'n Homoseksuele huwelik of wettige homoseksuele verbintenis word nie in die Christelike etiek as 'n fundamentele reg beskou nie.
- Homofobiese gedrag en ook ander diskriminasie teen persone met 'n homoseksuele oriëntasie is egter strydig met die liefdesgebod en dus oneties. Die kerk en die owerheid moet alle vorme van homofobiese gedrag afwys.
- Persone met 'n homoseksuele oriëntasie het dus die reg om volledig menslik behandel te word in die kerk en in die samelewing, maar het die verantwoordelikheid om hulle te weerhou van enige vorm van homoseksuele gedrag en kan nie aanspraak maak op die reg van 'n homoseksuele huwelik nie.

Die verklaring spreek duidelike taal, net soos die besluit van Sinode 2003 oor homoseksualisme. Tog is daar 'n saak wat nie ongemerk verby kan gaan nie. Dit is naamlik nie moontlik om jou op die Woord van God én op die menseregte-

grondwet van die land in een en dieselfde asem te beroep, soos wat plek-plek in die voorlegging gebeur nie. Die verklaring stel: 'As landsburger moet die persoon met 'n homoseksuele oriëntasie alle regte van die grondwet geniet en mag daar op geen wyse teen so 'n persoon gediskrimineer word nie. Hierdie regte sluit egter nie die aangaan van 'n homoseksuele verhouding of huwelik in nie, omdat die huwelik 'n heteroseksuele verbintenis is'. Dié twee opeenvolgende sinne staan in botsing met mekaar. Die regte van die grondwet sluit juis die reg op 'n homoseksuele verhouding en huwelik in. Dit is bevestig deur die nuwe huwelikswetgewing wat intussen aanvaar is.

Die kerke moet hulle daarvan weerhou om tussen die grondwet van die land, wat 'n humanistiese wet is, en die wet van God 'n kompromie te soek. Sodanige kompromie is uitgesluit.

Van die administrasie

As gevolg van stygende koste is ons genoodsaak om die intekengeld vir 2007 te verhoog na R140.

Indien daar persone is wat nie die volle bedrag kan betaal nie, kan u die administrasie kontak om reëlins te tref. Besonderhede van die rekening waar u die intekengeld kan inbetaal, asook kontakbesonderhede van die administrasie verskyn in die kolofon hiernaas.